BEELDDRAERS VAN KRISTUS.

# JEUGKONFERENSIE

3 tot 6 JULIE, 1930
BLOEMFONTEIN.

KONFERENSIELEUSE
Jesus Kristus die Alfa en die Omega.

Die Weste Drukkery, Potchefstroom. -7978

# INHOUD.


| | Bladsy |
|---|---|
| Program | 4 |
| Konferensielied | 7 |
| Oproep | 8 |
| Voorwoord | 9 |
| Die Organisasie van die Jeugkonferensie | 11 |
| Indrukke van Jeugkongres | 13 |
| Besluite | 16 |
| Openingswoord van die Voorsitter | 17 |
| Die Huislike Lewe | 21 |
| Beelddraers van Kristus in die Huislike Lewe | 29 |
| Die verhouding tot Kinder en Jongeliede-Bearbeiding | 33 |
| Ons Jongmense Beelddraers van Kristus | 44 |
| Biduur | 47 |
| Die Maatskaplike Lewe | 49 |
| Die Regte gebruik van ons Vrye Tyd | 58 |
| Getrouheid as kenmerk van die voorgeslag | 63 |
| Sosiale Vraagstukke | 67 |
| Die Maatskaplike Bearbeiding van ons Armes | 71 |
| Biduur | 75 |
| Ons Jongmense Beelddraers van Kristus in hulle verhouding tot die Naturel | 77 |
| Die Groot Probleme van die Buitelandse Sending | 83 |
| Die toestand in Indië uit Kristelik-Godsdienstige Oogpunt gesien | 86 |
| Die Persoonlike Verhouding tot Christus | 91 |

# PROGRAM.

*DONDERDAG, 3 JULIE.*

10.30 v.m.—Opening van die Konferensie in die Kerkgebou van Bloemfontein Noord.

Verwelkoming deur:

Sy Ed.Ag. mnr. C. T. M. WILCOCKS, Administrateur van die Oranje Vrystaat.

Dr. J. H. GREYVENSTEIN, Predikant, Bloemfontein.

Dr. P. K. ALBERTYN, Voorsitter van die Konferensie.

2.30—4.30 n.m.—Ons Jongmense Beelddraers van Kristus

*In hulle huislike lewe.*

Hulle handelwyse met betrekking tot die moeilike vraagstukke van die moderne familielewe:

(1) in dorpe en stede; (2) op die platteland.

Sprekers: 1) Prof. N. J. Brummer; 2) Dr. H. C. de Wet.

Bespreking.

7—9 n.m.—Ons Jongmense Beeldraers van Kristus

*In hulle kerklike lewe.*

(1) Die verhouding tot Kinder- en Jongeliedebearbeiding.

(2) Die verhouding tot Kerkbesoek, Sondagsheiliging, ander Kerke en Sektes.

Sprekers: 1) Ds. D. S. B. Joubert; 2) Ds. D. P. Cillié.

Bespreking.

*VRYDAG, 4 JULIE.*

**9—9.30** v.m.—Biduur. Ds. P. van der Merwe.

**9.30—11.**—Ons Jongmense Beelddraers van Kristus

*In hulle maatskaplike lewe.*

(1) Die verhouding tot sosiale euwels, die geslagte teenoor mekaar.

(2) Die gebruik van vrye tyd, ontspanning, kultuurlewe.

Sprekers: (1) Prof. N. J. Brummer; (2) Ds. J. R. Albertyn.

**11—11.20.**—Pouse.

**11.20—12.30.**—Voortsetting en bespreking.

**2.30** n.m.—Die agtermiddag is vry vir uitstappies, soos afgekondig sal word.

O.a. vind 'n byeenkoms plaas by die Vrouemonument, waar Ds. J. D. Kestell sal spreek oor *Onse Voorouers as Beelddraers van Kristus.*

**7—9** n.m.—Ons Jongmense Beelddraers van Kristus

*In hulle verhouding tot die Armes, Sosiale Bearbeiding* van gebreklikes, armblankes, afgeleefde armes, misdadigers.

Sprekers: 1) Dr. N. J. van der Merwe; 2) Ds. J. R. Albertyn.

Bespreking.

*SATERDAG, 5 JULIE.*

9—9.30 v.m.—Biduur. Ds. P. van der Merwe.
9.30—11.—Ons Jongmense Beelddraers van Kristus

*In hulle verhouding tot die Naturel.*

Die groot probleme van:

1) Die Binnelandse Sending.

Sprekers: 1) Eerw. Senator C. J. v. R. Smit. 2) Mnr. Berning Malan.

11—11.20—Pouse.

11.20—12.30—Bespreking.

2.30—4.30 n.m.—Afsonderlike vergaderings van die
Kristelike Strewersvereniging.
Bybelklasvereniging.
Kristelike Jongeliedevereniging.
Sondagskool Onderwysers.

Die lokale waar hierdie groepe vergader sal bekend gestel word.

7—9 n.m.—*Evangelisasieprediking.* Ds. P. van der Merwe.

*SONDAG, 6 JULIE.*

9—9.30 v.m.—Biduur by Oranje Meisiesskool.

10.30.—Kerkdienste:

Bloemfontein.

Bloemfontein Noord.

2.30—4 n.m.—Bloemfontein Noord Kerkgebou.

Ons Jongmense Beelddraers van Kristus

*In hulle karakters, die persoonlike verhouding tot Kristus.*

Spreker: Ds. J. Murray.

7 n.m.—Kerkdienste:

Bloemfontein.

Bloemfontein Noord.

## KONFERENSIELIED.

---

### HELDE VAN KRISTUS.

1 Staan op, staan op vir Jesus!
Die krygsgeroep weergalm;
Begeef u in die strydperk,
Volg Hem met vreugdepsalm.
Kom, stryders, wees dan moedig,
Weerstaan met al u mag;
Die Bose sal moet wyk neem,
Want Jesus gee u krag.

2 Staan op, staan op vir Jesus!
Steun op Sy krag alleen;
U eie arm is magloos,
Hoe goed u dit ook meen.
Gord aan Gods wapenrusting,
En waak en bid en streef;
Roep plig u in gevare,
Weet, u Verlosser leef!

3 Staan op, staan op vir Jesus!
Die slag is kort van duur;
Na al die stryd op aarde
Volg die oorwinningsuur.
Aan stryders trou en moedig
Gee Jesus dan 'n kroon;
Hul heers dan eind'lik met Hem
Vir ewig op Sy troon.

# Oproep
## van die Voorsitter van die Jeugd-konferensie aan die Jeugd van Suid-Afrika.

Besef julle, jongmense van Suid-Afrika, dat julle die grootste baat van ons land vorm ? Suid-Afrika, —ons volk, ons Kerk,—het julle hulp nodig, julle verstand, julle jeugdige krag, en boweal julle self.

Streef om julle aandeel tot die oplossing van onse probleme by te dra, maar wees van een ding verseker: dat die oplossing nie in een of ander wonderlike, nuwe plan, wat op ontdekking wag, geleë is nie, maar in julle karakters.

Besef julle dat ware geluk in diens en nie in plesierjag is nie? Wees ernstig, wees toegewyd! Gebruik nou julle tyd om julle, deur die genade van God, op te bou en voor te berei.

Streef na die hoogste,—en die hoogste is om Beeld-draers te wees van Hom, wat gekom het nie om gedien te word nie, maar om te dien! Ons land, ons volk, ons kerk, herhaal ek, het julle nodig !

## *VOORWOORD.*

Goeie goed groei stadig. In 1926 was daar op Bloemfontein byeen sowat 110 verteenwoordigers van die Strewers- en Bybelklasverenigings, en ook enige lede van die Kristelike Jongeliede-Vereniging. Op daardie konferensie is die volgende besluit eenparig aangeneem:

„Die Konferensie spreek die wenslikheid uit dat een groot Konferensie sal gehou word van al die Kristelike Vereniginge van ons jongmense in Suidafrika."

Dit is aan die Kommissie vir Arbeid aan die Jeug van die Vrystaatse Kerk gelaat om die Konferensie 'n werklikheid te maak. Oor die saak is gedurig gekorrespondeer met die leiers van werk onder die jeug totdat in Januarie 1930 'n sewetal op Kimberley bymekaar gekom en die besluit van 1926 beklink het deur die nodige stappe te neem om die Konferensie op te roep en program en sprekers te reël.

Dadelik is van alle kante ingenomenheid uitgespreek met die doel en die onderwerpe. Die Hollandse pers het tot bywoning van die Konferensie aangespoor en vertolk wat in menig hart gaande was.

„In hierdie dae van geestelike verarming en die daaruit voortspruitende ligsinnigheid, is dit in die hoogste belang van die jong geslag om hom terug te bring en te bou op die vaste rots van die Christendom.....Dit is hier nie 'n saak van kerk of staat nie, dit is 'n saak van die geestelike ondergrond van die toekomstige nasie."—(Volksblad 6-8-1930.)

Die Administrateur van die Vrystaat het met staatsmansblik raakgesien toe hy in sy openingsrede beweer het: „Dit is van die beste onder ons jeug, die voorbeeldigstes uit ons volk, wat op die Konferensie aanwesig is, en daarom sal daar noodsaaklikerwys uit hierdie samesprekinge groot krag tot die volk uitgaan." En sy eie begrip van die huislike lewe in hierdie woorde: „So baie

mense besef nie die voorreg wat hulle het om die grondslag van 'n gesond volkslewe te lê deur die invloed wat hulle in hulle eie huislike lewens uitoefen nie",..en van die armes, waar hy betoog het: „Ons minder bevoorregte armes het besieling nodig en is, volgens sy ondervinding, heeltemal vatbaar daarvoor"....het dadelik die ideale aangedui waarvoor die 450 jongmense bymekaar gekom het. Mag die eenparige begeerte uitgespreek dat so 'n Jeugkonferensie sal herhaal word oor enige jare verwesenlik word, sy invloed grootliks uitgebrei word deur die geledere te versterk met verteenwoordigers van die jeug wat nie gewoon is sulke samekomste by te woon nie. Ons sien uit na 'n Konferensie waarop elke gemeente van die Gefed. Kerke verteenwoordig sal wees.

„Ons Jeug is geroepe om sy deel te neem in die taak om die wêreld 'n beter plek te maak dan dit vandag is. Ons bewering is dat die enige oplossing vir die vraagstukke wat die wêreld vandag voor die deur lê is in die Kristelike belydenis, geleer, verstaan, geloof en beoefen" —beelddraers van Kristus.

C. H. MURRAY.

—oOo—

## *DIE ORGANISASIE VAN DIE JEUGKONFERENSIE*

---

Elkeen weet hoeveel werk daar aan enige soort van konferensie verbonde is en nie minder was dit die geval met die Jeugkonferensie met sy 469 afgevaardigdes wat van 3—6 Julie 1930 op Bloemfontein gehou is.

Hoofsaak is huisvesting. Tog was hierdie deel van die werk besonder maklik deur die vriendelike tegemoetkoming van die Kuratorium van die Oranje Meisiesskool en die hulpvaardigheid van mnr. T. Blok van die Mans Hostel.

Dit was verblydend om so baie name van afgevaardigdes te ontvang kort na die uitstuur van die omsendbriewe, maar in taamlik baie gevalle het gemeentes my vir die twede keer omsendbriewe laat stuur en dan gladnie daarop geantwoord nie!

Maar om die 480 almal nou by hulle plekke te kry! Wat beteken dit nie om vrywillige helpers te hê, seuns wat so opgeruimd die besoekers tegemoet kom en reghelp as hulle by die stasie afstap. Die klompie wakker seuns was dadelik 'n verwelkoming op Bloemfontein.

Vergaderplek, musiek, die moontlike behoeftes van die 500 mense, alles moes aan gedink word. En dan hulle moes tog nie suf word net van vergaderings nie. Hoe beste die tussentyd te gebruik daarvoor moes ook planne gemaak word. Tog het dit alles so goed gegaan omdat die harte oop was en gereed om te help waar hulle gevra is.

Omtrent 480 afgevaardigdes het die konferensie bygewoon. Hulle was van al die hoeke van die Unie gekom, maar Swasieland en Namakwaland het ons 'n voorbeeld gegee van wat mens kan doen, as jy maar net wil, wat ons nie mag vergeet nie.

Die twee plekke was die verste plekke waar afgevaardigdes van gekom het, en eersgenoemde het 15 en

laasgenoemde 12 hier gehad. Ons ken Swasieland en Namakwaland en watter pragtige voorbeeld het Ds. Malan en Ds. Steenkamp tog nie gegee nie? Mag hulle gemeentes dan ook duisendmaal dubbel geseën word, en mag die Here gee dat dit 'n onvergeetlike les mag wees vir die gemeentes waar die arbeid onder die jeug al taamlik verslap is. God seën hierdie twee gemeentes met 'n besondere seën!

Uit die K.P. was 75 gemeentes verteenwoordig met 226 afgevaardigdes; Transvaal 21 gemeentes met 67 afgevaardigdes; Natal 5 gemeentes met 10 afgevaardigdes; O.V.S. 49 gemeentes met 166 afgevaardigdes. Dus was daar 469 afgevaardigdes en nog heelwat belangstellendes. Die afgevaardigdes was opgemaak as volg:

| | |
|---|---|
| Predikante .. .. .. .. .. .. | 52 |
| (Dagskool) onderwysers(esse) | 64 |
| Bybelklasse .. .. .. .. .. .. | 49 |
| Jongeliede Verenigings .. .. | 144 |
| Ander afgevaardigdes .. .. .. | 160 |

Dit was my 'n besondere voorreg om Organiserende Sekretaris van hierdie groot konferensie te wees. My werk was baie verlig deur die hulp en raad van mnr. W. F. Bezuidenhout van die Vrystaatse Onderwys Dept. Aan hom wil ek dan ook my hartlike dank toebring, asook aan Ds. P. K. Albertyn. Verder wil ek ook al die afgevaardigdes baie hartlik bedank vir hulle vriendelikheid en hulpvaardigheid. Dit was werklik 'n groot plesier om so'n vriendelike en vrolike skaar van mense bymekaar te sien. Ek was jammer toe die konferensie verby was!

Ons voeg hier by 'n opsomming van ons inkomstes en uitgawes vir die konferensie.

*Inkomste.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gemeentefooie .. .. .. | £34 | 4 | 3 |
| Losiesgelde .. .. .. .. | 219 | 16 | 6 |
| Rosette .. .. .. .. .. .. | 17 | 1 | 0 |
| Bydraes vir seuns .. .. . | 2 | 12 | 6 |
| Rente .. .. .. .. .. | | 7 | 9 |
| | £274 | 2 | 0 |

*Uitgawes.*

| | | | |
|---|---|---|---|
| Losiesgelde .. .. .. .. | £227 | 6 | 0 |
| Sprekers .. .. .. .. | 11 | 9 | 6 |
| Honoraria .. .. .. .. | 12 | 0 | 0 |
| Drukwerk .. .. .. .. | 9 | 6 | 0 |
| Diverse, Rosette, Skryf-behoeftes, klavier, ens. | 12 | 19 | 3 |
| Balans .. .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 3 |
| | £274 | 2 | 0 |

J. D. THERON,
Org. Sekretaris.

17, Extonweg,
Bloemfontein, 1 Okt., 1930.

—o-O-o—

## *INDRUKKE VAN JEUGKONGRES.*

As u my vra om enige persoonlike indrukke van die Jeugkongres te Bloemfontein te gee en gedagtes wat daar by my opgewek is, sal ek die volgende wil sê: Wat ek veral gevoel het onder die behandeling van die, vir ons kerklike- en volksbestaan so gewigtige probleme, dan is dit dat ons op hierdie periode 'n kerngesonde godsdienstige lewe brood nodig het. Nie 'n godsdiens wat op loop sal gaan met uiterste rigtings nie, maar 'n godsdiens van gewig, van nugterheid, 'n godsdiens wat op vaste bodem gegrond is, op die fondament van Jesus Christus, as 'n inwonende en allesbeheersende Heer. Met ander woorde, ons het behoefte aan christen manne en vroue, en aan 'n christelike jeug, wat gewig sal hê, wat nie gemaklik bewoë sal word nie, omdat ons in 'n tyd lewe van gevaarlike bewegings. Gevare bedreig op huislike, op maatskaplike en op interrasse-gebied.

Die referate het een en almal ons hierdie groot gevare voor oë geskilder. Dis alleen 'n kerngesonde godsdiens wat ons nasie sal red en 'n nasionale persoonlikheid sal opbou in wysheid en krag wat, „alles verricht

hebbende," staande sal bly. Die tydgees is teen ons, maar Gods Gees is met ons. Dit was dan ook 'n inspirerende en hoopvolle gesig om so 'n groot aantal van die jeug van ons volk te sien, wat gewillig is om die lewe in die aangesig te sien en wat met erns vervul is om, nie alleen hulleself, maar hulle medemens te red en te verhef deur die moonthede van die Meester.

Die gees van „ons moet handhaaf" het in die atmosfeer gesweef. Ons sal die fondamente van die huisgesin, *van kerk en staat nooit* versekerd *kry nie as ons lou en* flou is nie. Dan drywe ons gewis op die sand af. Die preek van ds. P. van der Merwe op die Saterdagaand oor louheid (Openb. 3:14—22) was dan ook uiters gepas en het ons diep in die siel aangegryp.

Vir my was verder die na-byeenkomste in die groot losieshuise verkwikkend. Daar was 'n aangename gees van kameraadskap. Die skeidslyn tussen predikant en leek, tussen onderwyser en leerling het as van self verdwyn. En tog was daar 'n lieflike christelike gees van respek en hoflikheid. Ons het daar saam op die grond gesit en saamgepraat. Dis ons duidelik geword dat ons nie so seer aan ons jongmense dit of dat as sonde moet verbied nie, maar dat ons die christelike beginsels en die heiligmaking in Christus baie duidelk moet voorhou en dan sal en moet duiwel en sonde en vlees pad gee, en namate Jesus kamer na kamer van die hart in volle besit neem, sal die sondes, wat uit hulle gespruit het, wegval. Sekere lyne tussen sonde en geregtigheid, tussen goed en kwaad moet sekerlik getrek word, maar dan is dit uit beginsel en nie van buite af as voorskrif nie. Of ons kan dit, met die Oxford Groep-beweging, só sê: Dis nie om *die sondes* daar aan die ranke en takke *te bestry nie,* immers, dis 'n hopelose stryd en subpressie, maar dis om Jesus toe te laat om die wortel-sondes van onreinheid, oneerlikheid, selfsugtigheid en liefdeloosheid deur Sy vergiffenis en inwoning uit ons uit te wis.

As ons die openbaring van sonde by ons ontdek dan word afgevra uit watter wortel of gesindheid daardie sonde voorkom en hierdie wortel of kamer van die hart word aan Jesus oorgegee om daardie onreinheid, of selfsug, of wat dit mag wees met sy teenwoordigheid en in-

woning onmoontlik te maak. Ons gee ons sondes en swakhede een vir een so volkomelik aan Hom oor dat alle kwelling en vrees daaromtrent verdwyn. Uit hierdie beginsel volg dat nie langer die hopelose stryd en worstel nie, die verbod van dit of dat, geleer word, maar Jesus en die Leiding van die Heilige Gees. Hiermee gaan twee vereistes saam. Eerste, die getroue onderhou van die „stil tyd" iedere more, wanneer na Gods Woord vir lering gegaan word, en ook na God Self vir goddelike leiding vir daardie dag. Hiertoe is die Heilige Gees in die hart gegee met die belofte: „Hy sal julle in die hele waarheid lei." En twede, absolute eerlikheid en gehoorsaamheid aan die leiding van Gods Gees by die bidder. Ons voel dat ons hier te doen kry met 'n werkende, lewende godsdiens. 'n Honderd persent oorwinnende lewe is die entoesiastiese doelwit van die jong geslag.

D. J. MALAN.

—oOo—

## *BESLUITE.*

Die volgende besluite is vrug van die besprekinge op die Konferensie en is geneem om die oortuigings gewek vorm te gee en te laat voortlewe:

1) Dit word aan die Voorsitter (Ds. P. K. Albertyn) opgedra om in aanraking te kom met die verskillende kerklike en ander kommissies wat soek om die onsedelikheid te bestry, en te beraadslaag om meer eenheid in plan en metodes van werk te verkry.

2) Hierdie Konferensie verkeer onder die diepe indruk van die gevare wat ons jeug dreig op sedelik gebied, en versoek die verantwoordelike kommissies wat onder ons jeug werk om poginge aan te wend tot verenigde optree in hierdie saak.

3) Die Konferensie beveel aan dat kursusse vir die opleiding van werkers en werksters in maatskaplike werk deur een of ander bevoegde kerklike liggaam spoedig ingestel sal word, en dra dit op aan die Sentrale Jeugkommissie wat in lewe geroep sal word (sien besluit 4) om uitvoering hieraan te gee.

4) Hierdie vergadering wens sy innige dank uit te spreek teenoor die Kommissie wat verantwoordelik was vir die sameroeping van hierdie Konferensie. Verder besluit die vergadering om die verskillende Sinodale Kommissies vir Arbeid onder die Jeug en die Hoofbesture van die verskillende verenigings hier verteenwoordig te vra om elk een lid uit hulle midde te benoem vir die vorming van 'n Sentrale Kristelike Jeugkommissie met die oog op die ko-ordinering van die werkkragte onder die jeug en die belegging van dergelike konferensies.

Onder die verenigings verstaan ons die Kristelike Strewersvereniging, die Kristelike Jongeliedevereniging, die Kristelike Studentevereniging, die Bybelklas-vereniging, die Algemene Sondagskoolkommissie.

——oOo——

## *OPENINGSWOORD VAN DIE VOORSITTER.*

Na 'n woord van verwelkoming aan die afgevaardigdes, het die voorsitter die vergadering toegespreek oor:

### HISKIA AS HERVORMER.

(Sien 2 Kron. 28, 29 en 30.)

### I.

Nooit was die toestand van die Koninkryk van Juda so erbarmlik treurig as toe Hiskia, die seun van koning Agas, die troon bestyg het nie. Die hervorming op staatkundig, ekonomies en godsdienstig gebied was so merkwaardig dat 'n studie daarvan ons sal beloon. Hy was nog maar jong, 25 jaar oud, en daarom is sy voorbeeld vir hierdie Jeugkonferensie van belang.

Agas was die ellendigste koning wat ooit op die troon van Dawid gesit het. Die gruwelikste vorme van afgodery het hy ingevoer. Selfs het hy een van sy seuns aan Moloch in die vlamme geoffer. God se straf het op die volk gerus. Die Siriers het 'n menigte van die edelste van Juda weggevoer. Die Tien Stamme, onder Peka, het verwoestings aangerig, 200,000 vroue en kinders is gevange geneem. Die Edomiete en Filistyne het soos aasvoëls neergesak en Juda geplunder en uitgebuit.

Die gevolg was armoede, ellende, hongersnood. Bedelaars was aan die orde. Op elke gebied was daar bankrotskap. Die regering was radeloos en hulpeloos. Die armblanke vraagstuk was 'n werkelike.

Gelukkig is dit nie nodig om so 'n donker tafereel aangaande ons eie volkstoestande op te hang nie. Tog het ons groot en moeilike probleme.

Die Armblanke vraagstuk staan soos 'n akelige gestalte in ons midde. Die tyd laat ons nie toe om toestande op die platteland, in die agterbuurtes van ons stede en op die delwerye te beskrywe nie. Menig lid van ons volk is veragter, is ontaard tot die toestand van 'n blanke heiden.

Ons program bring ons in aanraking met 'n ander groot moeilikheid, nl. die Naturelle probleem. Die naturel is aan die opkom. Hy soek kennis, geleerdheid; hy kry dit, niks kan hom teenhou nie. Menig blanke word deur die swarte en gekleure verdring. Wat sal die toestand oor 50 of 100 jaar wees? Denkers onder ons sien die toekoms met vrees te gemoet. In die suidelike deel van Afrika is die blankes maar 'n handjie vol, soos iemand gesê het, in vergelyking met die naturelle. „Waarlik, er kijkt een kwaad uit van 't Noorde!"

Probleme is daar by en onder onsself. Die wêreldgees, die wêreldvreug neem toe. Op menig huisaltaar is die vuur uitgeblus. Gods dag word ontheilig. Ouerlike gesag word op sy geskuif. 'n Ligsinnige, oppervlakkige lewensbeskouing neem die oorhand.

Jong vriende, Suidafrika het julle nodig. Julle is nie meer kinders nie! En om julle jul verantwoordelikhede te laat besef is hierdie Jeugkonferensie belê. Daar lê berge van moeilikhede voor julle.

Komaan!
Daar's 'n nasie te lei,
daar's 'n stryd te stry,
daar's werk!
Daars nie na guns of eer te kyk,
Daar's nie na links of regs te wyk,
Daar's net te swyg en aan te stryk,
Komaan!

## II.

Ons het die toestande van Juda onder Agas beskrywe. Toe daardie jong man, Hiskia, sy vader opgevolg het, het hy probleme gehad, volop. En tog het hy dit reggekry om hoop uit wanhoop, orde uit wanorde, ja lewe uit die dood te voorskyn te roep; en Hiskia word beskrywe as 'n staatsman, 'n godsman, 'n krygsman en 'n argitek.

Juda se vyande het hy uit die landpale verdrywe, Jerusalem het hy versterk en verfraai, die stad van 'n oorvloed van water voorsien. Die hele land het geword 'n byenes van bedrywigheid. Daar was voorspoed op elk gebied.

Hoe het Hiskia dit reggekry?

Lees die genoemde hoofstukke en u sal sien! Op die eerste dag van sy regering het hy die Priesters bymekaar geroep en hulle opdrag gegee om die tempel oop te sluit en te reinig. Op die 16de dag het hy Gods Huis op nuut ingewy deur 'n groot fees onder basuin-geklank.

In die twede maand het hy die ganse volk tot 'n groot Paasfees vergader. En so groot was die seën dat die volk aan die end nie huis-oe wou gaan nie, maar met geesdrif is besluit om die ganse fees te herhaal, en vir die eerste en laaste maal in die geskiedenis is 'n dubbele Paasfes gevier.

Dit was klaar! Hiskia het die slag gelewer en gewin! Die Hervorming het bestaan! Dit was 'n voldonge feit. *Toe die hart hervorm was,* het die hele hervorming in al sy vertakkinge reeds bestaan. Die ander dinge het op natuurlike wyse gevolg.

*Want so werk God, van binne na buite, eers die hart, want vandaar is al die uitgange van die lewe.*

Verenig in God het die volk deur hulle geloof in Hem die vyande verslaan. Die Siriers, die Filistyne, die Edomiete is uit die landpale verdrywe. En toe Sanherib sy leër van 185,000 teen Juda stuur word die gevaar gelowig in Gods hand gestel. Wat was die uitkoms? Die engel des doods slaan die leër met pestilensie, en die versoeking om hier die onsterflike woorde van Byron aan te haal, kan ek nie weerstaan nie.

"The Assyrian came down like a wolf on the fold
And his cohorts were gleaming in purple and gold.
Like the leaves of the forest when summer is green,
That host, with their banners, at sunset was seen.
Like the leaves of the forest when autumn hath blown,
That host on the morrow lay scattered and strown.
For the Angel of Death spread his wings on the blast
And breathed in the face of the foe as he passed.
And the eyes of the sleepers waxed deadly and chill
And their hearts but once heaved and for ever were still.
And the might of the gentile, unsmote by the sword,
Hath melted like snow in the glance of the Lord.

Die tyd laat my nie toe om die ander gevolge van die hervorming te beskrywe nie. Op ekonomies gebied, op maatskaplik gebied was daar 'n ganse herlewing. Daar is werk vir almal, daar is kos vir almal.

Hoe is hierdie hele saak te verklaar?

Was die wonderlike uitkoms te danke aan 'n buitengewone tussenkoms van die Here? Deels wel, maar deels is dit verstaanbaar.

Deur die volk tot God, in die eerste plek, te voer, het Hiskia aan die hoogste besielende krag, aan God self, die regte plek gegee. *Sonder geloof in God help alles niks.* Hervormingsorganisasie en planne is wel goed, maar sonder God is hulle soos 'n stoommasjien sonder stoom, soos 'n moter sonder petrol!

Jong vriende, dit is nie nodig om lang by die toepassing stil te staan nie.

In Christus Jesus het ons 'n kragtige, besielende werklikheid. En ons probleme? U gedagtes het my reeds vooruitgeloop.

As Christus Jesus die besielende krag in elke huisgesin van ons volk kon word sou daar, na my vaste geloof, 'n end wees nie alleen aan die huislike moeilikhede van die moderne lewe nie, maar ook aan die armblanke vraagstuk. Elke gesin van middele, sou elke arm gesin die helpende hand toereik, want almal sou een wees in Christus.

As Christus Jesus verder die besielende krag onder die Naturelle sou word, sou ons in Hem, by al ons moeilikhede en verskille, 'n verenigingspunt vind, en deur Christus besiel, sou blank en gekleurd saam staan en in hierdie land saam in vrede lewe.

Wie is, soos Hiskia, vir die Here?
Wie is aan die Koning trou?

Komaan, jong mense, Suidafrika het julle dan nodig! Groot is ons probleme, maar die God van Hiskia leef nog!

Gee aan Jesus Christus die regte plek in u lewe! Laat Hem wees die Alfa en die Omega! Wees Sy Beelddraers. Getuig, werk, elk in sy eie omgewing; en as God

alles in almal is, dan verdwyn ons vraagstukke soos newels voor die opkomende son.

Mag hierdie konferensie ryke vrugte te voorskyn bring!

——oOo——

# DIE HUISLIKE LEWE.

## TWEE STERFBEDDES.

(Prof. N. J. Brümmer.)

### 1. *DIE STERFBED VAN DIE HUISGESIN.*

I.

*Die rol wat die huisgesin speel.*

Die huislike lewe is die waarborg vir 'n gesonde volkslewe. Die familie is die grondslag en die anker van die karakter wat die opkomende geslag moet hê. Hoe losser die gesinslewe word, des te woester en karakterloser word die kinders. Dit is die huisgesin wat kinders leer om vir mekaar en vir ander mense iets oor te hê en om gesag te respekteer. Dit is ook daar waar 'n kind uitvind dat dit soms nodig is om vir 'n ander te buig, en die belange van jou medemense in aanmerking te neem. Selfsug tier welig waar elkeen net vir homself leef, en waar so iets as liefde onmoontlik word. Die onderlinge afhanklikheid en die wisselwerking tussen die lede van die huisgesin skep onderlinge vertroue en leer 'n mens om rustig en vredig met mekaar om te gaan. Met die verval van die huislike organisasie, soek 'n mens naderhand net sy eie belange, en beskou dan elke ander mens as iemand wat in sy pad staan en wat hy moet uitoorlê en verneder. Die tug waaronder 'n kind sy sedelikheid leer en wat hom geskik maak om vir die maatskappy waarde te hê, vind hy byna uitsluitlik in die familiekring. Daar leer jy ordelikheid, gehoorsaamheid, oplettendheid, netheid, vlyt en spaarsaamheid. Sonder die huisgesin groei 'n mens op vir wind en weer en word 'n

barbaar. Die gesinslewe is die voorskool vir die samelewing en die staat.

Maar ook die godsdiens is ondenkbaar buite die famielielewe. Die eerste altaar aan God gewyd was die huis-altaar. Die eerste gode was haardgode, dus huisgode, en die vader was die eerste priester. Watter denkbeeld kan 'n kind van God hê as hy geen vader of moeder ken nie? Die kind kan alleen aan God dink in die vorm van sy vader. Vir die kind tree die vader in die plek van God. Vir hom is sy vader God. Wat 'n verskriklike verantwoordelikheid rus daar dus op die vader om te sorg dat sy kind 'n goeie idee van God sal kry deur die kennis wat hy van sy vader het! Vernietig die huislike lewe en jy ondergraaf die godsdiens en die sedelikheid.

## II.

### *Die siekte van die huisgesin.*

Die gevoele win al meer en meer veld in Europa en in Amerika dat die dae van die huisgesin getel is, en dat die huislike lewe gaan doodloop. Die huwelik raak in oneer, raak al losser en egskeiding is in die mode. Die famielie berus op losse skroewe en man en vrou hang soos sand aan mekaar. In Amerika het die egskeidings in die laaste twintig jaar driemaal so snel vermeerder as die bevolkingstoename, en in dieselfde tyd het daar in die Verenigde State twee miljoen egskeidings plaasgevind: dus, twee miljoen huisgesinne het uitmekaar gespat. Buitendien is daar nog twintig persent van die famielies waar man en vrou mekaar eenvoudig verlaat sonder om egskeiding te verkry. Die moet dus daarby getel word. Vandag (1928 en 1929) vind daar in diee Vrenigde State byna twee honderdduisend egskeidings in een jaar plaas. En hier onder ons ou klein volkie het daar in 1928 nie minder as 1077 egskeidings plaasgevind en in 1929 weer 1061. Dus in twee jaar het daar meer as twee duisend huisgesinne te gronde gegaan. En dit neem toe.

Maar behalwe die wankele toestand van die eens gestigte huisgesin, vind ons dat 'n menigte hubare mense, wat dit kan bekostig, nie meer trou nie. In België trou die helfte van die hubare mense glad nie, en die helfte

van die wat wel trou, sorg dat daar geen kinders gebore word nie. Verlede jaar, 1929, was daar in Frankryk 18,000 minder geboortes as sterfgevalle. Daaruit blyk duidelik dat die famielie doodloop, en die toekoms vir die godsdiens en die sedelikheid baie donker is. Die beskawing stuur op barbarisme aan en die mens verdierlik. In Rusland is die huwelik feitlik afgeskaf. Geen onegte kinders word meer as sodanig beskou nie. Die Staat beskou alle kinders as gelykwaardig—eg of oneg. Jy hoef nie meer te trou nie. Man en vrou kan maar mekaar vat en uit mekaar gaan net so gou as hulle vir mekaar moeg word. Daar is geen onderskeid tussen getroude en ongetroude pare nie.

En dit is vir hierdie soort huwelike—tydelike paringe—waarvoor baie mense vandag in Europa en Amerika ywer en pleit. Ja, en wat dit nog treuriger maak, dit is veral vrouens wat so ywer vir vrye liefde, proefhuwelike en vir vrye paring! Wat word van die huisgesin? Wat word van die vrou self? Waar bly die kinders? Die famielie sterf, die kinders verdwyn en die vrou word 'n middel om die wellus van die dierlikste mansmense te bevredig. Ons staan by die sterfbed van die huisgesin.

## III.

### *Waaraan is dit te wyte?*

As iemand my sou vra: Wat is die vernaamste oorsaak van die ondergang van die huisgesin vandag? sou my antwoord wees: Die Kerk het haar vat op die mens se lewe verloor. Godsdiens is nie meer die magtige invloed wat dit vroeër was nie. As iemand in 'n lewende God glo, met Wie hy moet wandel en aan Wie hy moet verantwoording doen, sou hy heeltemal anders leef as wanneer hy nie glo nie. Waar die mense nog die Kerk eerbiedig en haar voorligting volg soos in die Roomse Kerk, daar kry jy geen egskeidings nie, en daar word nie aan die geboorte van kinders gepeuter nie. In Europa is dit vandag byna net Roomse Kristene wat nog die huisgesin ongeskonde bewaar en sorg dat daar 'n nageslag sal wees. Die gevolg is dat die Roomse Kristene oral toeneem en wat nie Rooms is nie, sterf uit.

'n Twede oorsaak wat in die laaste eeu magtig bygedra het om die familie te vernietig is die verandering in die ekonomiese toestande van man en vrou. Vroeër was elke huisgesin 'n selfstandige en selfgenoegsame kring. Al wat nodig was vir die bestaan en geluk van die mens het hy in die huislike kring gekry. Sy kos en klere, sy inwoning, plesier en sy werk,—alles het hy by die huis gekry. Die lede van die huisgesin kon sonder mekaar nie klaar kom nie: hulle moes saamwerk, saam ly, saam gesels en hulle saam vermaak. Die gevolg was dat hulle so aan mekaar geheg geraak het, en die bande van liefde so sterk geword het dat hulle nie sonder mekaar kon leef of gelukkig wees nie. Die huislike kring was *die enigste en voldoende lewenskring* van elkeen.

Vandag is dit net anders om. Die man doen sy lewenswerk weg van die huis; die vrou in alte baie gevalle het haar eie soort werk, ook weg van die huis. Die kinders is die meeste van die tyd op skool of op die sportsveld of op straat. As die vader tuis kom, dan slaap die kinders al. Die moeder kom moeg en nukkerig huis-toe en skep 'n atmosfeer van ontevredenheid in die huis. Die woning is net maar 'n slaap- en eetplek vir almal. En as die ouers of kinders die aand nogal almal tuis is, dan spat hulle weer uiteen na bioskope, kaartpartye of lesings en vertonings. Niemand dink daaraan om die aand saam tuis deur te bring nie. Ons het heeltemal verleer om 'n aand saam genoeglik te verslyt. Daarom wil ons maar net uit,—altyd uit, buitekant toe! Die uithuisigheid is of die oorsaak van die agteruitgang in ons huislike verkeer, of dit is omdat die huislike lewe so onsmaaklik geword het dat ons so uithuisig raak. Ons kan dit by die huis nie meer uithou nie. Waar die familielede so los saamhang en die liefdesband byna of glad nie bestaan nie, en waar die moeder—en soms die kinders ook—vir hulleself verdien en dus ekonomies van mekaar onafhanklik is, daar verdra hulle niks van mekaar nie, en by die geringste verskil van gevoele of twis volg 'n *egskeiding en dan spat die gesin uiteen.*

Nog 'n oorsaak wat die gesinslewe in oneer bring is die wêreldbeweging onder die vrouens wat bekend staan as feminisme. Dit wil sê: die neiging by so baie vrouens om mans te wil wees. Die vrou is vandag byna

oral met die man in alles gelyk gestel. In die ekonomiese wêreld het sy haar eie besitting, maak sy haar eie bestaan, doen dieselfde soort werk as die man, tree op in die maatskappy en op politiek gebied met haar eie opienies, volg haar eie kop op godsdienstig gebied, kleed haar in mansklere, skeer haar hare kort, rook en ry wydsbeen te perd, dryf die moterkar, vlieg deur die lug, gaan alleen saands uit waarheen sy wil en bly uit so laat as sy wil. Sy boots die man in alles na en is, as gevolg, dikwels losbandiger as die man. Sy wil nie meer *'n vrou* wees nie. Sy wil nie die wederhelf van die man wees nie. Nee, sy wil self man wees. Dit is nie feminisme, maar mannisme wat sy voorstaan. En een van die treurigste vrugte van hierdie beweging is dat sy al meer en meer weier om te trou of om moeder te word. Sy wil die ongerief en smart, wat kinders meebring, nie meer ondergaan nie. Sy is wel gereed om die geslagtelike genoegens te smaak, maar die van God bedoelde seën daarop help sy vernietig. En die leiers van die feministiese beweging raai hulle mede-vroumense oral sterk aan om nie te trou nie, of, as hulle trou, om te sorg dat daar geen kinders sal gebore word nie.

Dit is die kinders wat die sement in die familie vorm om vader en moeder, broers en susters aan mekaar te bind. Waar daar geen kinders is nie, daar volg egskeiding op die nietigste verskil van opienie. Ouers van kinders sal tweemaal dink voor hulle die huisgesin sal opbreek; maar sonder kinders is daar eintlik geen familie nie, geen tuiste nie. Die man en die vrou—nie die vader en die moeder nie—dink daar niks van om mekaar weg te gooi nie, veral waar die vrou so maklik 'n eie bestaan kan maak.

Die behuisingsvraagstuk werk ook sterk mee om die familielewe onmoontlik te maak. Omdat daar vandag in stede en dorpe so 'n woningsskaarste is en huise so duur word, leef die getroude mense al meer en meer in kamers of *flats* in groot geboue of Kasernes. In een so 'n gebou woon daar soms twintig of dertig egpare. Elke gesin huur twee kamers en 'n kombuisie. Daar is geen agterplaas of gronde om die gebou nie sodat, as daar kinders is, hulle op straat moet speel, en daar is geen ruimte vir die familie om 'n bietjie privaat te kan wees

nie. Die gebou is opgestop met egpare en baie van die eienaars van sulke *flats* weier om aan ouers, wat kinders het, kamers te verhuur. Jy moet dus sorg dat jy kinderloos bly. Famielielewe word onder sulke omstandighede onmoontlik en kinders word al seldsamer. Geen wonder dat sulke egpare saands nooit tuis bly nie, en in geselskappe te vinde is wat hulle nog meer van alle huislikheid laat vervreemd. Hulle word dan ook gou vir mekaar moeg en verlaat mekaar aanstonds.

Ook die feit dat dit vandag baie moeiliker gaan om 'n famielie te munteneer, omdat die vrou so baie van die man eis, laat meer as een man daarvan afsien om te trou, of trou alleen laat in die lewe, en dan is sulke huwelike meestal kinderloos en dikwels ook liefdeloos. Buitendien, as 'n egpaar half-oud trou, dan is hulle karakters al so vas en onbuigsaam dat hulle nie meer by mekaar kan leer aanpas nie. Die puntjies, waarin hulle van mekaar verskil, wil nie meer afslyt nie,—hulle buig nie maar bars en dan loop die huwelikslewe dood. Ook hierdie verskynsel neem selfs in ons land toe en lei tot die verstoring of vernietiging van die huisgesin.

'n Ander rede waarom die huisgesin op sterwe lê is die publieke opienie. Vroeër was egskeiding 'n groot skande. Die mense het 'n geskeie man of vrou gemy en die maatskappy het met veragting neergesien op 'n man of vrou wat geskeie was. So iemand sou nie in ordentlike geselskap toegelaat word nie. Ja selfs oor hulle famieliebetrekkinge het daar dan 'n donker wolk gehang. Dit was 'n vreeslike ramp vir die betrekkinge as daar 'n egskeiding plaas vind. Die publieke opienie het die huweliksband geëerbiedig en beskerm. Vandag is dit 'n kordaatstuk as iemand 'n paar maal in sy lewe geskeie het. Die publiek raak ge-interesseerd in so iemand, nooi hom of haar uit na hulle huise, simpatiseer met hulle en troos hulle en laat hulle dan met die eie jong dames en here omgaan en geselskap hou. Hulle word behandel asof hulle veronregte arme goed is wat bemoediging verdien! Dus egskeiding is in die mode, en vir die mode het die mense vandag alles oor. Maar intussen sterf die huisgesin en die huweliksband word 'n spot. Waar gaan dit heen? Na die graf van die famielielewe.

## IV.

*Kan die familielie gered word?*

Wat moet ons doen om hierdie gevaarlike stroom te keer? Is dit nog moontlik om die gesinslewe te red? Vandag neem die mening toe dat daar geen redding meer is nie; dat die ondergang van die gesin die natuurlike gevolg is van die maatskaplike ontwikkeling; dat die familie-instelling net maar op 'n seker stadium van die beskawingsgang bruikbaar is. Daar word op gewys hoedat in die vroegste tydperke van die geskiedenis—die jagtersperiode — die huisgesin bestaan het uit net die moeder en haar kinders; dat in die herdersperiode daar 'n vader bygekom het, maar dat die huisgesin toe met veelwywery gepaard gegaan het, en dat die huislike inrigting, soos ons dit ken en waardeer, maar in die landbouperiode tot stand gekom het. Ons is vandag 'n stap verder gevorder. Ons is nou in die industriële en handelsperiode, en die mensdom versamel in hope vir die fabriekslewe, of dwaal oor die aarde rond om handel te dryf. Onder hierdie nuwe omstandighede is die familie-inrigting ongeskik, want elke indiwidu moet as 'n eenling optree en onder 'n baas of werkgewer staan, terwyl die familie eis dat haar lede sal saamhang en onder huislike tug sal staan. So word geredeneer en gekonkludeer dat die gesinslewe verouderd is.

Ek het reeds by die aanvang probeer duidelik maak hoe onmisbaar die rol is wat die familie in die maatskappy speel; en daardie rol word nog nodiger waar die familielede onder sulke ongunstige omstandighede hulle tyd moet deurbring. Die gesinslewe is so 'n magtige faktor ten goede, dat nie alleen die maatskappy nie, maar ook die Staat behoort te sorg dat die familie sal beskerm word, dat gehude mense sal bevoorreg word, en dat die geleenthede vir 'n aangename huislike lewe sal verskaf word aan elke burger van die land.

Maar voor iets anders gedaan word, moet die heiligheid van die huweliksband eers gevoel word. As die gesins-instelling op gelyke voet gestel word met 'n gewone besigheidstransaksie, dan mag 'n mens nie iets anders verwag dan dat die huwelik met ligsinnigheid sal

los gemaak word. Die huwelik moet as 'n godlike instelling geëerbiedig word, en die mens moet leer insien dat die familie aan die diepste eise van die menslike natuur beantwoord, en dat elke ander gedragslyn vir die voortplanting van die volk en die opvoeding van kinders op die verlaging van die mens moet uitloop; en dat die bestendigste en rykste geluk van die mens alleen in die familiekring kan gesmaak word, ja buite daardie kring kan geen sedelike ideaal en geen heiligheid verwesenlik word nie.

Hiertoe moet die Kerk veral haar magtige invloed laat geld. Waar 'n Kerk oogluikend toelaat dat aan die voorwaardes van 'n gesonde gesinslewe getorring sal word, daar sal sy self op die ou end die bittere vrug moet pluk, want die gesinslewe is die fondament van die kerklike lewe. Sulke praktyke soos die kunsmatige gepeuter aan die geboorte van kinders moet deur die Kerk met donderende stem vervloek word, want dit is die dun wig waardeur die hele familie-instelling vergiftig en vernietig sal word. Dit is 'n vrybrief aan gehudes en ongehudes, wat onverskillig is, om die huwelikseise vry te spring en hulle luste vry bot te vier. Dit maak van die mens 'n dier, en 'n baie lae dier daarby, want verskeie diersoorte voer 'n getroue gesinslewe.

Die gevaar is groot. Die mensewêreld verkeer in 'n haglike toestand. In ons eie land merk ons nog maar die eerste haelkorreltjies van die groot storm wat daar in ander lande woed. Maar as ons nie voorsorg neem nie, raak ook ons oes nog naderhand totaal verwoes. Die haelstorm kom elke dag nader. Die gesinslewe is die hartaar van ons volkslewe; dit is die sterkte van ons volkskarakter en dit was die geheim van ons volksbehoud. Laat die familielewe veragter en die huwelik in oneer kom, en dit is klaar met die Afrikaner volk.

——o0o——

Die man is lui; die man wil nie werk nie.
Dit is nie so nie; die man kan eenvoudig nie werk nie.
Help hom oor die vlaktes van moedverloor.

## *BEELDDRAERS VAN KRISTUS IN DIE HUISLIKE LEWE.*

(Deur Dr. H. C. de Wet.)

In die vorige toespraak het die referent vir ons die opkoms van die huisgesin afgeskilder. Hy het ons aangetoon hoedat daar verskillende faktore is wat die fondament van die huisgesin ondermyn. Waar Staat en Kerk op hierdie fondament rus, moet ons 'n oplossing vind vir hierdie probleem, of anders gaan die huisgesin onder.

Toestande in Europa waai oor na ons land, en vat pos eers in ons stede. Die dorp is 'n stad op kleinere skaal, en hiervandaan bereik die invloede die plase. In ons dae is die probleme van die stad dieselfde as die van die plase. Die plaasbewoners het byna almal op die dorpe of in die stede skoolgegaan, en het 'n smaak ontwikkel vir die vermake van die stede en dorpe. Die plaas is dikwels te eentonig vir diesulkes, en hulle neem die toevlug na die stad of dorp in die aand. Deur middel van die moterkar het distansies klein geword.

Deurdat die kompetiesie op die boereplase groter word, vind ons 'n gedurige stroom van jongmense van die plase na die dorpe en stede. Dikwels is hulle totaal onvoorbereid vir die stadslewe. Op die plaas was hulle geisoleer van al die versoekings van die stadslewe. Die kinders was miskien nie ingelig deur ouers omtrent die gevare nie, omdat hulle self nie daarvan kennis dra nie. Op skool is hulle ook nie gewaarsku nie. Totaal onvoorbereid kom hulle in die stad te land. Hulle gevoel hulle baie eensaam te midde van die mensemassa. Dikwels is die wêreld die eerste om die hand van vriendskap uit te steek.

Dankbaar aanvaar hulle dit. Hulle laat hulle verlei deur die wêreldse vriende om dinge te doen wat hulle onder die ouerlike dak nie sou gedoen het nie. Die ouer weet mos nie wat aangaan nie, en sal waarskynlik dit nooit hoor nie. In menige geval is dit die begin van hul

val. Daar makeer iets in hul godsdiens, ten spyte van hul godsdienstige opvoeding op die plaas: die vrees van die Heer wat wyk van die kwaad. Hulle leef nie onder die besef van die persoonlike teenwoordigheid van God nie, anders sal hulle dit ontsien om Hom te bedroef. Hulle val, en jonge Kristene van daardie buurt is grootliks daarvoor verantwoordelik. Laat ons van hierdie Konferensie uitgaan met die besluit om die eerste te wees om die hand van vriendskap uit te steek na die jonge vreemdeling wat in ons stad, dorp of buurt kom woon. Dit kan die aanknopingspunt word vir die redding van daardie siel. Dit is 'n geopende deur wat geen belyer van Kristus durf verbygaan nie.

Opvoeding en voorligting is nie genoeg om te wapen teen die gevare van die stad nie. Daarvoor is boweal nodig die Vrees van die Heer. Ons het 'n baie duidelike geval in *Josef*. Hy het opgegroei op 'n eensame plekkie in die tent van sy vader Jakob. Die beste wat Jakob aan hom gegee het was nie daardie bont rokkie nie. Dit het gemaak dat sy ouere broers hom gehaat het. Maar Josef was waarskynlik gewoon om vader Jakob te vergesel as hy na die hoogtes gaan om met God gemeenskap te hou. Daardie kinderlike gesprekke met God het klein Josef getref; hy het onder die indruk gekom van die teenwoordigheid van 'n lewende God, wat bedroefd is as Jakob iets gedoen het teen sy wil. Daardie sonde-belydenis van sy vader onder vele trane was vir klein Josef 'n weerkaatsing van Gods droefheid oor die sonde. Waar die vrees van die Heer in die hart van die vader was, het hy daarmee sy seuntjie aangesteek. Dit het Josef in sy knegskap in staat gestel om daar in die vreemde land onder die vreemdes die grootste versoeking af te slaan, hoewel inwilliging vir hom 'n uitweg sou gewees het uit sy slawerny.

In sy vrees om sy God te bedroef, roep hy uit: „Hoe sal ek so 'n groot kwaad doen en teen God sondig?"

Die ouer wat deur sy voorbeeld sy kind kan inspireer om God te vrees; wat die kind in aanraking bring met die lewende God wat ons oneindig liewer het as die beste moeder, het aan sy kind meer gegee as die beste opvoeding of die grootste erfporsie. Dit is die beste ma-

nier om die plaaskind voor te berei vir die stedelike lewe.

Die *ekonomiese toestande* maak dit onmoontlik vir die arme gesin om in die stad 'n behoorlike lewe te maak. Waar die vader slegs £8 per maand verdien, en hy £5 vir huishuur moet betaal, word dit onmoontlik om 'n vrou en vyf kinders te onderhou. Die beperking van geboortes is dodelik vir ons volk. Nie die ryk families met één of geen kind nie, maar die arm huisgesinne met baie kinders sal die blanke beskawing in Suidafrika red.

Hoe kan hierdie ekonomiese probleem opgelos word? Ons antwoord is: Kristus is die oplossing hiervan. As ons die armes opsoek soos Hy dit gedoen het, en hul lot ons lot maak omdat hul lot Kristus lot is, sal ons gewillig wees om die grootste opofferings te maak om hul huislike lewe bestaanbaar te maak. Ons praat van die armes as die „beproefdes," maar *ons* wat om hulle woon is in eintlike sin die „beproefdes."

Hul armoede bepaal miskien nie hul ewigheid nie, maar ons ewigheid hang af van wat ons onder die omstandighede vir hulle doen. Versuim teenoor arme volgelinge van die Heer verseker ons 'n plek aan die linkerhand van Kristus onder die „bokke" wat Kristus verwaarloos het.

*Uithuisigheid* is 'n ander faktor wat die huisgesin opbreek. Wat is die oorsaak van hierdie uithuisigheid, wat die famieliebande verbreek? *Selfsug*. Die man gaan na die klub en gee nie om wat die vrou daarvan dink nie; of hulle gaan saam uit en dink nie daaraan watter invloed dit op die kinders gaan uitoefen nie. Die grotere kinders gaan in die aand uit, somtyds teen die wil van die ouers, en gee nie om wat die „ouderwetse" ouers daarvan dink nie, solank as hulle maar 'n plesierige aand kan deurbring.

Wat is die oplossing vir hierdie selfsug? Kristus alleen. Verlede jaar kom iemand na die huisparty van Dr. Buchman, wat hier in Bloemfontein gehou was, met die besluit om van sy vrou te skei. Gedurende die tyd hier deurgebring, het hy uitgevind dat nie sy vrou nie, maar *hyself* hul huislike probleem was. Hy het hom onvoorwaardelik aan Kristus oorgegee en besluit om die leiding van die Heilige Gees te aanvaar, ook in sy huis-

like lewe. Hy het teruggegaan na sy huis. Die probleem was opgelos, deurdat Kristus selfsug uit sy lewe geban het, en hom kon gebruik om sy vrou tot Hom te bring. Billy Sunday het eenmaal gesê: as jy wil weet of iemand 'n Kristen is, gaan vra vir sy vrou, sy kinders, of sy diensbodes. Solank as selfsug nog heers in die lewe, is dit onmontlik om hier 'n beelddraer van Kristus te wees. Kristus is die Oplossing vir die egskeiding probleem, as ook vir die ongehoorsaamheid en uithuisigheid van die kinders. Daartoe is nodig dat die godsdiens van die ouers so lewend moet wees, dat hulle hul eie kinders vir Kristus kan win. Vormgodsdiens is nie alleen nutteloos nie, maar selfs skadelik. Niemand kan iemand anders vir die Heer win, waar hyself nog geen getuienis het van oorwinning oor sondes in sy eie lewe nie. Hy het die opgestene Heiland nog nie ontmoet nie. 'Probeer' oorwin nie die gevestigde sondes nie.

Daar is maar één uitweg: algehele oorgawe, en gewilligheid om aan andere te vertel, waar hulle teen dieselfde probleme te kampe het, wat die Heer vir ons gedoen het. Oorwinning vra oefening tot Godsaligheid. Godsaligheid, of die beeld dra van Kristus, vereis daelikse gemeenskap met God vóór die gewone werksaamhede van die dag. Dit vereis 'n uur vroeër opstaan en saands vroeër gaan slaap, om *ongejaagd* Gods Woord te lees, te bepeins,—'n spesiale gids gegee vir die dag met sy probleme, te wag op God en op die leiding van Sy Gees vir die dag, en tyd te neem vir voorbidding vir persone met wie God ons in aanraking mag bring, met die oog op hul bekering.

Slegs 'n beelddraer van Kristus, 'n 'Christoforus,' kan Kristus oordra na die lewe van iemand anders.

——oOo——

Die ouers wat die Bybel nie op die tafel lê nie as gedank is mis een van die grootste seëninge wat die huis toegedink is.

As die jeug nou reg voel sal dit oor 'n paar jaar wel tot regte handeling lei.—Kerkbode.

## *DIE VERHOUDING TOT KINDER EN JONGE-LIEDE-BEARBEIDING.*

Ds. D. S. B. Joubert.

Wat moet die verhouding wees teenoor hierdie belangrike werksaamhede in die Christelike Kerk? As beelddraers van Christus, in wie se harte Sy onsterflike liefde klop, kan daar maar net één houding wees—die van aktiewe deelname op die een of ander wyse. Tot elke begenadigde jongeling, jonge dogter spreek die Heer: „Zoon, dochter ga werk heden in Mijn wijngaard." En beter, vrugbaarder arbeidsveld is daar nêrens te vind nie. Elke jongemens beweging, elke jongeliede vereniging moet staan vir werk in die kerk.

Die groot swakheid van die kerk van Christus in ons dae is die absolute traagheid van 'n groot deel van die lidmate van die christelike kerk. Hul doen eenvoudig niks—nog goed nog kwaad, en soos Prof. Brummer in een van sy boeke gesê het, as ons eerlik 'n opskrif op hul graf moet skrywe sal dit wees, „Hier lê die stoflike oorskot begrawe van 20 sakke koffie en 100 rol tabak." Hul het niks uitgerig vir die koninkryk van God nie.

Van Cromwell word dit verhaal dat hy by sekere geleentheid 'n besoek gebring het aan een van die groot katedrale in Londen. Die Dekaan het hom rondgewys. In 'n seker deel van die kerk was daar 'n 12 tal pragtige bronse beelde. „Wat is die betekenis hiervan?" het Cromwell gevra. „O", was die antwoord van die Dekaan, „dit is klein standbeeldjies van die 12 apostels. Hul staan hier net vir ornament." „Smelt hul om in geld" het Cromwell gesê, „en laat hul soos hul Meester rondgaan om goed te doen. Hy het nooit bedoel dat een van Sy apostels net vir ornament sal dien nie."

As ons jong mense intelligent, met vrug en krag, sal deelneem aan die jongeliede en kinderbearbeiding dan is daar drie sake in verband met hierdie arbeid wat ons in die oog moet hou.

(1) Die uitstaande belangrikheid,

(2) die biesondere moeilikhede,

(3) Die doeltreffendste metode in Jongeliede en Kinder-bearbeiding.

1) *Die uitstaande belangrikheid.*

a) *Belangrik is hierdie arbeid omdat die redding van kinders en jongeliede so veel makliker is dan die van volwassene.* Die gemoed veral van die kind is soveel vatbaarder vir goeie indrukke. As 'n mens eers oud geword en nog nie God gevind het nie, moet God telkemale 'n wonderwerk verrig voordat so 'n persoon tot bekering kom en dit is nie Gods gewone manier van werk nie. Hoor wat vakmanne op hierdie gebied te sê het.

*Dr. Kirk* van die Skotse Kerk, terugsiende op sy lange evangelie bediening, het getuig dat as hy sy bediening kon oor lewe sou hy oneindig meer onder die kinders arbei.

As die Here Jesus Christus in Sy skoonheid en dierbaarheid en in Sy reddende liefde, aan die kind voorgehou word, hoeveel makliker neem die kind of jongeling nie die Heer aan nie, dan die volwassene?

Hoor wat *Spurgeon* sê: „Ek kon dae neem om te vertel van kinders met wie ek persoonlik gespreek het, wat waaragtige bekering ondergaan het, en ek het al te dikwels 'n beter kennis en 'n warmer liefde tot Christus gevind by die kinder dan by die volwasse bekeerling.

As u wil weet wat opreg geloof in Christus is, moet u nie kyk na die mense wat eers besoedel geword is deur die sonde nie, maar u moet kyk na die kinders, wat Jesus op Sy Woord geneem het, wat waaragtig in Hom glo en wat seker is dat hulle gered is."

*Torrey* het gesê: „As ek 'n kind as 'n bekommerde sien stap na die konsistorie, dan is ek seker as daar 'n sielearbeider is wat sy werk verstaan, dat daardie kind tot bekering sal kom, meer dan ek seker is van die bekering van 'n man of vrou wat agterbly."

Dan, wat bewys die statistiek in verband met bekeringe? Dat die grootste getal gered word in die jeug en meesal in die prille jeug.

*Dr. Spencer* het eenmaal 'n noukeurige ondersoek ingestel van 1000 belydende christene uit verskillende kerke in die V.S.A. en hier is die resultaat van sy onder-

soek. Uit die 1000 het meer dan die helfte, t.w. 548 tot bekering gekom vóór hulle 20ste jaar; tussen 20 en 30 jaar, 337; tussen 30 en 40, 86; tussen 40 en 50, 15; tussen 50 en 60, 3; tussen 60 en 70, 1; Oor 70 nie een nie.

b) *Belangrik is die werk omdat geredde kinders en jong mense meesal die beste christene uitmaak.* As 'n mens oud tot bekering kom is daar so oneindig veel wat moet afgeleer word en dit gaan maar bitter langsaam. Maar as iemand in die jeug tot bekering kom wanneer die karakter nog nie vas is nie, kan hy van die begin af 'n edel en skoon karakter ontwikkel. As ons die boom reguit wil hê, moet ons begin as dit nog klein is.

Dr. Torrey verhaal dat die karakter en die bekwaamheid van die werkers in die kerk van Newman Hall in Londen hom biesonder getref het. Hy het later ontdek dat die grootste gros van hulle in die kinderjare onder die spesiale bearbeiding van daardie uitnemende kinder evangelis E. P. Hammond tot bekering gekom het.

c) Belangrik is die werk *omdat geredde kinders en jongmense meesal die geskikste werkers vir die Heer is.* Hul is in daelikse aanraking met kinders en jong mense wat ons maar af en toe in aanraking mee kom, hulle skoolmakkers, medestudente, die joodse, katolieke en kinders van ongelowige ouers. Ons kan nie altyd na genoeg aan daardie persone kom nie, om te toon hoe dierbaar die Heiland is en watter vreugde hy in die lewe bring. Hulle kan. Ja hul bereik dikwels die onbekeerde ouer hart, waar elke ander beroep magteloos was. Hoeveel ouers is nie deur bekeerde kinders tot die Heer gelei nie.

d) Belangrik is hierdie arbeid *omdat jongmense en kinders sovele jare van moontlike diens voor hul het.* As 'n mens 80 jaar oud word en hy kom op sy 70ste jaar tot inkeer dan het hy 'n geredde lewe plus 10 jaar van swakke diens. Toe egter Polycarpus wat op sy 95ste jaar die marteldood ondergaan het. op sy 9de jaar tot bekering gekom het, was daar 'n geredde siel en 86 jare van vrugbare diens in die wyngaard van die Heer.

Die belangrikheid is vanselfsprekend en ek sal daar nie langer by wil vertoef nie, maar in ons arbeid hoe

dikwels sien ons dit nie verby nie. Dit is die vanselfsprekende waarhede wat dikwels oor die hoof gesien word.

*Dr. Hastings* het eenmaal 'n woord gespreek wat my biesonder getref het.

„Is die prediker bevrees dat hy bekend sal staan as 'n kinder prediker? Dan sal sy vernedering kompleet wees, veral as hy nog twee of meer tietels agter sy naam het. Maar geagte vriend bekommer u daar nie oor nie, dat moontlik u grote gawes op die kinders vermors sal wees nie. Wees enkel hieroor bekommerd dat u valse hoogmoed en stommiteit u mag verhinder om 'n magtige werk onder hul te doen. Die prediker of persoon wat die voete van die kind in die weg van die lewe kan bring en daar hou, doen die grootste werk wat daar vandag in die wêreld kan gedoen word." Hy behou nie net die teenwoordige geslag nie, maar gee die regte rigting aan nog ongebore geslagte.

II.

*Die biesondere moeilikhede.* Belangrik is die werk ja, maar ook nie minder moeilik nie. Die toegang tot die hart van die kind en veral van die jongmens is nie maklik nie. Daarvoor sorg die groot siele vyand. Hy versper die weg tot die siel van die mens. Hy is 'n na-aper selfs van die genade-middele van God. Net soos God 'n blokkade gelê het op die weg na die verdoemenis, dinge waaroor 'n mens moet klim as jy daarheen wil gaan, die Bybel, die gebede van vrome ouers, die gewete-stem, die stem van die Heilige Gees, die Kruis van Christus, net so het Satan 'n blokkade gelê, hindernisse op die weg na die hemel. Hy maak gebruik van dinge wat op hul self geneem, nie juis sondig is nie, maar wat tog die siel van kind en jong mens weghou van God.

Ek noem 'n paar dinge wat hierdie arbeid vir ons biesonder moeilik maak.

(a) Daar is vir eers die moderne lewenswyse waaronder die jongmense en kinders opgroei en 'n mens is, trots alle poginge om anders te wees, 'n kind, 'n produk van sy tyd.

Dink nou net hoe al *die tyd* van die jongmense in beslag geneem word in die stryd om bestaan in die noodsaaklike werksaamhede; die lange kantoor en skool ure lê beslag op byna die hele tyd van die jong geslag.

Hierby kom nou nog die *bykomende dinge soos* sport van allerlei slag en soort, die naweekse uitstappie—een van die uitgesoekte middele om die siel van die jong mense uit godsdienstig verband te ruk. Die bioskoop, die teater, die dradeloos.

Voeg nou hierby *die spoed* waarmee ons leef—die snelle verkeer wat meebring dat mense aan meer dinge deelneem dan voorheen die geval was.

Die gevolg van dit alles is dat die lewe uitermate gejaagd is. Selfs die godsdienstige huisgesin loop gevaar om net 'n losiesplek te word waar kinders en ouers saamkom om te eet en te slaap. Die verdere gevolg is uitputting van kragte, sodat daar vir ernstige en godsdienstige sake weinig tyd en geen lus is nie. Honderde en duisende van jong mense is die slagoffers van die moderne lewenswyse. Hulle is hopeloos gevange in daardie net, en hulle lewe feitlik as opgevoede heidene—deelgenote van die vrugte van die beskawing, maar vir die res sonder hoop, sonder Christus, en sonder God.

(b) Dan is daar die skadelike en verderflike lektuur, wat as 'n magtige vloed die land oorstroom, wat in elke boekwinkel op elke groot stasie te vind is. Die "Penny Horribles" en die "Shilling Shockers" en ander dergelike skadelike lektuur, wat so maklik te verkry is, en wat so dikwels die smaak bederf, die verbeelding prikkel en laere hartstogte gaande maak. 'n Vrome geneesheer in Kaapstad het eendag aan 'n aantal jongmense gesê dat hy sy uitredding uit 'n slegte lewe te danke gehad het aan 'n besluit wat hy geneem het toe hy 'n boek met 'n onsedelike strekking begin lees het, om dit, nl. daar en dan in die vuur te werp.

(c) Dan is daar die sug na oordrewe vermaak, plesier en sport. Nie net 'n klein tydjie maar al die beskikbare spaar tyd gaan daarmee heen. Die sigbare en verganklike kry 'n buitengewone vat op die jeugdige gemoed en hart. Die mag van die sondige gewoontes tree

in en voordat meer dan een dit besef is hy hande en voete vasgebind en verslaaf.

(d) Dan is daar die intellektuële vertwyfelinge veral by die studerende jeug, verstandelike moeilikhede in verband met die godsdiens, die Bybel. Die jongmense kom dikwels in aanraking met geleerde persone wat daarop uit is om die twyfel re die godsdiens by hulle op te wek. Of dit kan ook wees dat meer dan een jongeling verstandelik biesonder sterk is en die oplossing van elke moeilikheid alleen soek langs die weg van die verstand.

Dit is 'n merkwaardige feit dat ons die oorgroot meerderheid van mense vir die Heer kan win nie so seer deur die verstand nie as deur die hart. Toe ons in Kaapstad gearbei het en nou in Wellington kry ons by wyse van uitsondering jong mense wat onder verstandelike moeilikhede gebuk gaan. Wat ons wel dikwels vind, is dat hulle vasgebind is deur slegte gewoontes. Hul verlang na 'n vrymaker van die mag van sonde.

Na ds. P. van der Merwe, enige jare terug, spesiale dienste op Stellenbosch gehou het, het dr. Keet geskrywe dat daar eintlik geen enkel student was, wat veral verstandelike moeilikhede gehad het nie.

Dat daar egter sodaniges is ly geen die minste twyfel nie, en hul het biesondere simpatieke behandeling nodig. Belangrik is die werk maar ook moeilik. Hoe sal ons jong mense dan te werk gaan? Wat is die doeltreffendste metode van werk?

## III.

### *Die Doeltreffendste Metode van Werk.*

Te midde van veel in ons dae, wat ons met weemoed vervul, is daar die verblydende teken—die begeerte by baie van ons ontwaakte jong mense om vir die Heer te werk. Daardie verblydende teken is ook elders waar te neem. Ek meen dat dit Robert Speer is wat onlangs getuig het, dat in sy reise om die wêreld hy nog nooit tevore soveel jong mense ontmoet het wat nie juis vir predikant of sendeling wil studeer nie maar vir die Heer wil arbei in hul daelikse werksaamhede.

Is dit nie 'n vervulling van wat die profeet voorspel het nie? Leef ons nie nou in daardie tyd van vervulling nie? „Het zal zijn in de laatste der dagen dat ik mijn Geest zal uitstorten op alle vlees, en uwe zonen en uw dochters zullen profeteren, en uwe jongelingen zullen gezichten zien.'

Die begeerte by ons ontwaakte jongmense om vir die Heer te werk is onteenseglik.

Dit is ook so heel natuurlik, 'n jong mens in wie se hart die liefde van Christus en vir Christus brand het begeerte om te werk. Daardeur red hul nie alleen andere, maar behou en bewaar en versterk hulle hul eie geestelik lewe.

Maar nou kom die vraag hoe sal ons jongmense werk? Wat van die groot gros van ons jong mense op kantore, in die skole, uniwersiteite en op die plase, hoe sal hul werk?

Daar is verskillende kanale waardeur hul kan werk, soos die K. Strewersvereniging, K. Studentevereniging, Bybelklas en Sondagskool. Maar ook daar is die vraag: hoe sal ons doeltreffend kan arbei? Daar is één metode wat vir almal oopstaan wat verlang om vir die Heer te werk. Dit is die metode van persoonlike arbeid — *persoonlike kontak.*

Dit is en bly die mees doeltreffende metode van arbeid. Almal wat gered is kan daaraan deelneem, dit kan orals en op alle tye gedaan word. Dit bereik alle klasse. Dit werk waar ander metodes misluk. Dit lewer die beste resultate op. Die wêreld, so leer ons die geskiedenis, sal nie *en masse* vir die Heer gewen word nie, maar een vir een. Hul verwerp of neem Christus nie kollektief aan nie maar een vir een.

H. W. Beecher het gesê: „hoe ouer ek word des te meer vertroue het ek in daardie preke waar één man die hoorder en één die prediker is.

Dit was die metode waarvan Jesus hom by voorkeur bedien het in die bearbeiding van siele. Hy het sy disiepels so gewen. Lees maar die biografieë van groot manne, manne wat wêreldwye beweginge en herlewinge aan die gang gesit het. Hul is almal nie deur preke nie maar deur die persoonlike woord gered.

Moody, die man wat meer as 100,000 siele gewen het, is deur 'n persoonlike woord van sy Sondagskool onderwyser tot die Heer gelei.

S. H. Harley, die man wat met 35,000 dronkaards gebid het, is tot die Heer gelei deur die persoonlike woord van 'n leraar tot hom op die trein gerig. Lord Shaftesbury, *die grootste filantroop van die 19de eeu*, is onder bearbeiding van sy kinder bediende, Maria Willis, tot die Heer gelei.

Spurgeon is deur 'n ouderling tot die Heer gelei.

*En wat sal ons sê van die resultate van hierdie werk?*

Hoor wat H. C. Turnbull, miskien een van die grootste persoonlike werkers wat die wêreld nog ooit geken het, gesê het omtrent hierdie werk, „vir 10 jaar het ek groot getalle persone toegespreek, variërende in getalle van 10 tot 15 en van 5 tot 6 duisend. Om daardie werk te doen het ek Amerika deurkruis in my reise. Dit het my in staat gestel om die relatiewe waarde van toesprake aan vergaderde menigtes op die proef te stel in vergelyking met persoonlike arbeid. Daarna was ek Redakteur van 'n godsdienstige blad, die 'Sunday School Times,' met 'n sirkulasie van meer dan 100,000 eksemplare weekliks. Intussen het ek meer dan 30 boeke geskrywe en gepubliseer. En as ek nou na 50 jaar 'n blik werp op die gedane arbeid, kan ek meer direkte resultate van goed sien aan enkele siele dan deur al my toesprake aan duisende of deur al my geskrifte in boeke of tydskrifte."

Hoor wat Torrey, die groot evangelis van ons dae, sê: „Ek glo in die prediking, dit is 'n onuitspreeklike voorreg om die Evangelie van Gods reddende liefde te kan verkondig, maar die wêreld kan oneindig sneller vir die Heer Jesus gewen word deur persoonlike arbeid. En as elke christen 'n persoonlike werker wil word in die krag van die Heilige Gees, sal die verlangde herlewing spoedig daar wees. Persoonlike arbeid is 'n werk wat weinig applous van die mens kry, maar dit verrig groot dinge vir God."

Dit kom daar nie so seer op aan wat ons sê nie, as die manier waarop ons dit sê, en inderdaad dit is nie so

seer wat ons sê en die manier waarop ons dit sê nie, *as wat ons is.* Dit tel in persoonlike arbeid. Die jong man of vrou wat nie alleen kan getuig dat die Here Jesus hom of haar gered het van die vloek, die straf en skuld van die sonde nie, maar van *die mag,* die *heerskappy daarvan,* daardie persoon het die geheim ontdek waarna die hele wêreld soek. En dit is hierdie manier van arbeid waarop die Heer nog steeds die grootste seën vir die jong mense gegee het.

Denk nou aan wat die Y.M.C.A. en Y.W.C.A., met sy wêreldwye vertakkinge, vir tien duisend talle Amerikaanse en Engelse jong mense beteken het, en hoe het daardie werk begin? In die persoonlike, intensiewe arbeid van George Williams aan sy medeklerke.

As ons ons jongmense sover kan kry dat elke verloste sal voel hy is gered met die bepaalde doel om andere te red, dan is die toekoms van die kerk verseker.

Ons lewe in dae van verenigde kragte. Groot trusts word saamgesmelt, groot ko-operasies in die lewe geroep. Kragte word saam getrek en verenig om 'n groot doel te bereik—die welsyn van die algemeen.

Hierdie konferensie is die eerste van sy soort, waar feitlik al die christelike verenigings verteenwoordig is. Waarom sal daar nie 'n poging aangewend word nie om die christelike kragte van ons jongmense te ko-ordineer en te verenig, vir die een groot doel—die redding van hulle medemens. Die kragte staan nog los naas mekaar. Hulle is nog nie geko-ordineer en verenig nie. Het ons eers die siel gered dan is feitlik drie-vierdes van ons ander moeilikhede opgelos. Iemand het tereg gesê, die siel van verbetering is die verbetering van die siel.

Besef ons wat 'n mag daar geleë is in die verenigde kragte van ons jongmense in die verskillende christelike verenigings, die Strewersvereniging, die Studentevereniging, die Jongeliede-vereniging, die Bybelklasse en Sondagskole.

Ons toegewyde jongmense wat besiel is met blye hoop en moed, wat nog lewenslustig is, vir wie berge vlak en seeë droog is, as hulle ware beelddraers is van Christus, as hulle lewende voorbeelde is, van wat sy krag vermag, en as hulle besiel is met die een groot doel, die

eer van God en die redding van onsterflike siele, dan is daar geen sterker hefboom in die N.G. Kerk wat so kragtig sal wees tot neerwerping van die sterktes van Satan en die vorming van sterke christelike karakters en die uitbreiding van Christus koninkryk as die verenigde kragte van christelike jongmense nie.

En as ons hulle verder kan laat besef dat hulle 'n deel uitmaak van 'n leër van toegewyde jong mense in ander lande. Wat 'n inspirasie? Dink b.v. aan die Christelike Strewersvereniging in die wêreld. Wat 'n invloed ten goede is hierdie groot organisasie nie.

80,000 regimente of verenigings met meer dan 4 miljoen lede versprei onder al die Protestantse kerke van die wêreld, wat masjeer en saamstry onder die gesamentlike banier „Vir Christus en Sy Kerk," sprekende 80 verskillende tale met lektuur wat in 60 tale gepubliseer word. Wat 'n bemoediging om te weet dat ons met so 'n vereniging saam werk tot heil van ons mede mens!

En al sal hierdie konferensie niks meer doen nie dan om die noodsaaklikheid van die verenigde kragte van die jongmense vir diens in die N.K. Kerk te beklemtoon en voor die oë te hou van jong Suidafrika, dan sal ons nie tevergeefs bymekaar gekom het nie, maar sal ons die eerste stoot tot 'n ewige beweging gee in die lewe van duisendtalle.

Hierdie ideaal moet ons vir die jongmense voorhou as iets wat nagestreef en verwesenlik moet word. Daardie ideaal word vir ons pragtig voorgehou in 'n verhaal wat wyle genl. Booth vertel: „Enige jare gelede, so verhaal hy, „het 'n skip gevul met mynwerkers van Klondyke na San Francisco afgevaar. Die seereis was lieflik tot in die onmiddellike nabyheid van San Francisco, toe daar plotseling 'n vreeslike storm opslaan, wat die skip op 'n rots gedrywe en tot 'n totale wrak gemaak het. Die kaptein het die mense aangeraai om hulself te red soos hul beste kon. Op die dek was 'n sterk mynwerker besig om met 'n leergordel sy goud styf om sy lyf te bind. Terwyl hy besig was het 'n klein meisie van 7 jaar na hom gekom en gevra, „meneer, kan u swem?" „Ja, ek reken so" was die antwoord. „Kan u my dan asseblief red?" vra die kleine weer met betraande oog.

Snel soos die bliksem het die mynwerker gesien dat hy nie beide die kind en die geld tegelyk kon red nie. Hy het besluit om die geld oorboord te werp. „Kom liefkind," so het die mynwerker gespreek, „sit jou armpies nou om my nek en dan sal ek jou op my rug vasbind." So het hy die kindjie in plaas van die geld op sy rug gebind. Daarop het hy in die see gespring en geswem en geworstel met die woeste see, totdat weldra 'n groot brander hom bewusteloos op die strand uitgewerp het. Hul het hom na 'n klein woning in die nabyheid gedra. Sy eerste vraag toe sy bewussyn teruggekeer het, was „waar is ek nou?" „Asseblief meneer," het die kleine uitgeroep, „ek is so dankbaar u het my gered."

Jong christen vriende, rondom u op die groot oseaan van die lewe waarop ons ons bevind, is daar duisendtalle van jong mense wat wegsink in die diepte van sonde en ellende. Wat gaan u doen? Ek bid u ontferm u oor die verloregaande siele. As goud, of eer, of gemaksug, of goed, of wêreldsgesindheid u hinder, werp dit oorboord. Met die hulp wat Christus so gaarne verleen werp u arms om die verloregaandes, en swem en swem totdat weldra die vriendelike hand van die dood u uitstoot op die strande van die kristalle see, en die verloste geeste van diegene wat u gered het u op engelewieke voer tot aan die deurboorde voete van u Heer met die blye uitroep: „Dit is die jong man, dit is die jong vrou wat my gered het."

——oOo——

# *ONS JONGMENSE BEELDDRAERS VAN KRISTUS.*

## DIE KERKLIKE LEWE.

Ds. D. P. Cillie.

*Hulle Verhouding tot:*

### *I. Kerkbesoek.*

Van vele kante word daar klagtes verneem, dat ons jongmense hoe langer hoe meer kerklos word. Die kerk skyn nie meer die ereplaas in die lewe van die jeug in te neem nie. Dit word beweer dat by die morediens die jeug baie skraal verteenwoordig is, as 'n reel, en dat 'n groot aantal baie selde, selfs by die aanddienste in Gods Huis gesien word, terwyl by die weeklikse bidure, die teenwoordigheid van jongmense heeltemal 'n uitsondering is. Ons wil aanneem dat die bewering 'n bietjie te donker is, maar ontken kan dit tog nie word nie dat daar baie waarheid in skuil, en dat die gevaar van kerkloosheid nie net tot die jongmense beperk is nie.

Die Afrikanervolk is 'n kerkliewend volk; en hierin lê die groot geheim van die taaie lewe van ons volk. As nou daardie karaktertrek van die Afrikaner verlore raak, welk 'n ramp staan dan voor ons! Ons voorouers was kerkvas, en ons mag nie toegee aan die neiging om ons kerk te verwaarloos nie. En wil ons beelddraers van Jesus wees dan moet ons Hom daarin volg om getroue kerkgangers te wees, en dit meer en meer te word. Van ons Heiland, immers, lees ons dat Hy die gewoonte gehad het om kerktoe te gaan. Hoe dikwels moet ons die vraag beantwoord of kerkgaan nie maar 'n gewoonte is nie. Ons sou hierop „ja" kon antwoord. Maar tereg het 'n ontslape dienskneg van die Heer die vraag beantwoord met 'n wedervraag: Of tuisbly op 'n Sondag, in plaas van Kerktoe gaan, dan nie ook maar 'n gewoonte word nie? en of kerktoe gaan dan tog nie in elk geval die beste van die twee gewoontes is nie?

Kweek tog maar, jongeling en jongedogter, die goeie gewoonte van jongsaf by u aan, om Gods Huis so gereeld moontlik te besoek. As u 'n beelddraer van Kristus wil wees, laat u plek in die kerk dan nooit leeg wees, as u daar kon wees nie.

Die seën aan die gereelde bywoning van Gods Huis verbonde kan nie maklik oorskat word nie. Dit gee ons 'n dieper insig in Gods Woord, en inspireer ons met hoër ideale—ideale wat verheffend is, en wat ons uitkyk op die lewe sal verander. Die kerkganger sal in Gods Huis die eeuwige lewe vind; en in die stryd teen die sonde en versoeking sal hy gesterk wees om te oorwin. Is dit dan ook nie langs die weg van gereelde kerkbesoek, dat ons nader na God getrek word, en geskik gemaak word vir die hemel nie?

Laat ons dan teruggaan na ons verskillende gemeentes, met 'n vaste besluit dat ons plek in die kerk nooit leeg sal wees nie, behalwe in geval van onvermydelike omstandighede.

*II. Sabbatsheiliging.*

Wat die heiliging van die dag van die Heer betref, is die toestand seker nie te rooskleurig nie.

Hoe bring ons jongmense die Sondag deur? Ons dink aan die boeke wat Sondag gelees word, en die tydskrifte. Is dit altyd lektuur, wat bereken is om ons ontvankelik te maak vir geestelike seën? Sou ons Heiland Hom met daardie lektuur op Sondag besig gehou het! En wat van die sport op Sondag? Is ons hierin beelddraers van Jesus? Kan u aan Jesus dink met 'n tennisraket in die hand op die tennisbaan op Sondag? Sal ons u wys op die euwel van naweek-uitstappies, wat die Rusdag verander in 'n kuierdag of plesierdag! Sou Jesus daaraan deelgeneem het?

Maar ons hoor die vraag uit die mond van menigeen: Wat moet ons dan op Sondag doen? Hoe moet ons dan die dag deurbring? Ons wil hierop 'n kort antwoord gee. Begin die Rusdag met 'n stille tyd, wat u dan in die regte verhouding tot God sal bring, en u in die regte stemming sal bring om 'n Sabbatseën te ontvang. Slaap tog nie Sondagmore onnodig te laat nie. Dan sal u geen

tyd vind vir u stilletyd nie. As u in bereik van die kerk is, laat u plek dan nooit leeg wees nie. Daar sal u die voedsel kry waarop u kan teer gedurende die week, en krag om te stry teen die versoekinge. Kan u nie die kerk bereik nie, hou u dan besig met die lees van u Bybel of ander stigtelike boeke.

Sondag is ook seker by uitstek die dag vir arbeid vir die Heer. Neem u deel aan Sondagskoolwerk op die dorp, of in die buitewyk waar u woon, of in u eie huis? Doen u iets vir die werksvolk op die plaas? Welk 'n kostelike geleentheid bied die Rusdag u aan, om vir die Heer te werk?

### *III. Sektes.*

Die voorspelling van Jesus in Matt. 24 word al meer en meer bewaarheid in ons tyd in verband met die ontstaan van sektes. En die vraag kom natuurlikerwys op: Wat moet ons verhouding wees tot die sektes?

Vereers moet ons baie versigtig wees, om ons nie teen die andersdenkende te besondig nie. Jesus het aan Sy disiepels opdrag gegee om diesulkes nie te hinder nie, „want die wat nie teen ons is nie is vir ons." Probeer liewer om op hoogte te kom van wat hulle leer is. Raadpleeg desnoods u leraar, wat u graag informasie sal wil gee, en toets self hulle leer aan die Woord van God.

Verdedig altyd u eie kerk teen die aanvalle van sektes, en wees getrou aan die kerk waar u belydenis gedoen het. En laat veral ons lewe die bewyse lewer van wat ons dierbaar kerk vir ons werd is.

——oOo——

Dit is die klein kansies wat ons moet vat as ons iets wil uitrig.

Werk en spaar.

Die Unie Regering skuld aan Aberdeen kinders etlike honderde ponde deur Unie leningsertifikate.

## *BIDUUR.*

---

Ds. P. van der Merwe.

*Die zal u met den Heiligen Geest en met vuur doopen.*
*Bereidt den weg des Heeren.*—Matt. 3:11 en 3.

Ons byeenkoms is ernstig. Met nadruk sal ons herinner word aan ons hoë roeping om die Here Jesus gelykvormig te wees—Sy beelddraer te wees en dit nie alleen met die oog op ons eie geluk nie, maar met die oog op ons roeping om andere, veral die gemeente wat ons hier verteenwoordig tot seën te wees. Ons is gestuur om meer te kom haal, om as ons terug gaan aan die brand te steek.

Uit ons self is ons geheel onbekwaam, het ons niks —daarom wil ons vir mekaar wys op die bron van seën, op die plek vanwaar ons die vuur kan kry en dan wil ons mekaar herinner aan wat van ons verwag word. In die twee versies wat ons gelees het, het ons:

1) Een belofte, en
2) Een eis.

I.

Hy sal u met vuur doop. Hierdie belofte het die Heer op Pinkster dag vervul, want die Heilige Gees het as vuur op die mense gedaal. Dit is wat ons mag verwag. Die belofte is ook vir ons. Die vraag kom nou by ons op, maar waarom word van die H. Gees onder die beeld van vuur gespreek? Omdat daar sekere eienskappe in vuur is, wat vir ons voorstel wat ons mag verwag as die H. Gees van ons besit neem.

*Vuur verlig.* As die H. Gees in ons kom verlig Hy ons. Hy laat ons vir ons self sien soos ons is. Hy toon vir ons wat in ons verkeerd is. Hy oortuig ons van sonde. Dit is sy eerste werk en dit is so nodig, want daar is so min sonde kennis by ons. So vele van Gods kinders maak vir hulle aan so baie sonde skuldig en dit hinder hulle nie. Maar as die Gees kom, toon Hy dit.

*Vuur reinig.* Vuur vernietig soos niks anders alle onreinheid. Gods Gees is die gees van oordeel en uitbranding. As Hy ons die sonde getoon het en die verlange in ons gewek het om daarvan verlos te word, dan maak hy ons rein—dan oorwin Hy die sonde in ons en deel ons die reinheid en heiligheid van Christus mee.

*Vuur maak warm.* Waar die H. Gees in ons as vuur kom, verwarm Hy ons hart. Hy vervul ons hart met warme liefde vir ons Heer, sodat ons ook sal kan sê, ons het Hom lief omdat Hy ons eeers liefgehad het en die liefde van Christus dring ons, dring ons om andere lief te hê, en om ons lewe volkome aan sy diens te wy, sodat van ons ook waar sal word, wat van ons Heiland gesê word· „die liefde van u kruis het my verteer."

## II.

Maar die weg om die vuurdoop te kry word ons in die 3de vers voorgestel: Bereidt den weg des Heren." Ons moet wat die Here verhinder om na ons te kom met die vuurdoop, uit die weg ruim. Dit is belangrik. Daar is so veel om te hinder en die seën kom nie as die weg nie bereid is nie.

By meer as een is daar die steen van onbekeerlikheid. Hy het hom nog nie waarlik tot die Here bekeer nie. Wil hy die vuurdoop hê, moet hy sonder verder uitstel, soos die verlore Seun opstaan en tot sy vader gaan. Daar is in menig geval *sonde* wat nog nie opgegee is nie—daar is *wêreldsgesindheid, halfhartigheid, ongeloof—twyfelsug.* Berei die weg vir die Here en wees seker dat die vuurdoop sal kom, en dan sal God u kan gebruik om andere aan brand te steek.

———oOo———

'n Mens se huisgesin is die toets van jou karakter.

Godsdiens is een van die pilare waarop ons huisgesin moet staan.

# DIE MAATSKAPLIKE LEWE.

## 2. *DIE STERFBED VAN DIE VROUELIKHEID.*

### I. DIE EUWEL.

Een van die grootste euwels in die samelewing vandag is onkuisheid in die verkeer van mans en vrouens—getroud en ongetroud—met mekaar. Dit is ook een van die allermoeilikste sake om te kontroleer. Die handel, wat deur aptekers en andere gedryf word met voorbehoedmiddels om die ontug onskadelik te maak, is 'n kolossale skandaal. En die mening word deur baie mense vandag verkondig dat dit noodsaaklik is vir jong mense om aan hulle geslagsdrifte toe te gee, en baie gewetelose dokters steun hierdie opienies en praktyke. Dus, die vrou word al meer en meer net maar 'n middel om die sinnelike luste van mans te bevredig. Dit word bereken dat daar in Europa vandag ongeveer agt miljoen vroumense hulle bestaan maak deur die vernietiging van hulle vrouelikheid, en die handel in wat genoem word „wit slawe"—gevalle meisies—het sulke afmetings aangeneem dat selfs die Volkerebond die vraag oorweeg hoe om daardie internasionale vloek aan bande te lê.

As 'n mens die Ringsverslae jaarliks in ons land nagaan, dan blyk dit dat hierdie euwel ook onder ons volk geweldig toeneem. En die Ringsverslae meld alleen gevalle waarvan die resultate publiek geword het. Maar hoeveel is daar nie waarvan die vrugte nie gesien word nie, omdat die oortreders slim genoeg is om deur kunsmatige bemoeiing die bewyse van ontug te verwyder.

Die toename van geslagssiektes is so skrikwekkend dat selfs die Goewerment geleenthede moet skep om gratis genesing te verleen uit vrees dat onskuldige mense deur sulke skurke in die samelewing kan aangesteek raak.

Hierdie soort onsedelikheid is so verlagend dat dit die hele sedelike lugkring besoedel. Iemand, wat hom aan hierdie kwaad skuldig maak, verloor alle vatbaarheid vir godsdiens, kan geen eerbied vir 'n vrou voel nie en

is 'n kruipende gevaar vir die huisgesin. Hy spot met God en sy gebod en het geen besef van wat karakter beteken nie. Die skeidslyne tussen goed en kwaad, tussen edel en laag verdwyn vir hom. Hy word 'n bees. Ja, 'n ontugtige, 'n onkuise mens, is 'n bees.

Maar die ergste is nog dit: die vrou self werk dikwels die ywerigste ten gunste van hierdie soort geslagtelike verkeer. Die emansipasie van die vrou, wat so dikwels die oorsaak is van egskeidings, eis ook vrye verkeer met mans buite die huwelik. Die vrou, wat so graag wil man speel, is alte dikwels die slagoffer van die manlike skurk wat haar vlei en van sigarette voorsien. Die gelykstelling of emansipasie van die vrou beteken vir baie van hulle niks anders as verslawing aan mans, wat haar soos 'n lemoen uitsuig en dan op die ashoop wegsmyt. Die vrou van vroeër dae, wat nie op haar eie wou wees nie, maar lid van 'n familie en geheg aan man en kinders, was miskien minder vry, maar ook minder losbandig, en sy werd gekoester en versorg in siekte en in ouderdom deur tedere harte en hulpvaardige hande. Maar die vrygemaakte vrou, die feminis, is alleen gewild solank as sy die genotsmiddel van 'n manlike bees kan wees. So gou as sy oud of siek of lelik word, verlaat en verag haar minnaars haar en haar hooggeroemde vryheid is dan alleen die vryheid om in bittere eensaamheid te sterwe. Ja die arme vrou wat haar teenoor die man stel en self man wil speel, wat so spog met haar vryheid, weet nie watter ramp sy vir haarself dikwels skep nie. Want wat sy ook al mag doen, sy bly vrou. Al vlieg sy ook per vliegtuig in mansklere deur die lug en met 'n sigaret in die mond, sy bly 'n vrou. Ja, sy kan ou moeder Natuur nie bedrieg nie. Jy kan die godlike bestemming van die vrou nie verander deur haar mansklere aan te trek nie. Die natuurdrifte laat hulle gelde en wel langs dwaalweë waar die arme skepsel hopeloos in die diepste ongeluk stort. Jy kan nie met slim redenasies bewys dat man en vrou na liggaam en siel eners is nie, net so min as jy kan bewys dat daar geen onderskeid is tussen jou regter- en jou linkervoet. As jy 'n regtervoetskoen aan die linkervoet sou aantrek sal jy die ongerief en smart gougou ondervind, en jy sal moet erken dat die linkervoet alleen in 'n linkervoet-skoen lekker

kan voel. En so, as die vrou man wil wees, sal ook sy die ongerief moet ondergaan, want die Natuur laat nie met sig spot nie. Nee, die regtervoet is anders as die linkervoet en moet dus 'n ander fatsoen van skoen dra, en tog hoe verskillend die twee voete ook mag wees, hulle hoort bymekaar en vul mekaar aan. So ook met man en vrou: hulle is wederhelftes van mekaar. Elke poging wat aangewend word om die vrou wys te maak dat daar tussen haar en die man geen verskil is nie, en dat sy dus presies net soos die man mag lewe, is 'n verraad gepleeg teen haar vroulikheid en 'n bedreiging van haar waaragtige geluk. Die eerbaarheid van 'n vrou is alleen veilig solang as sy gewillig is om 'n vrou te bly, om haar bestemming as huismoeder na te kom, en om haar eiendomlikheid in drag en in gedrag te bewaar.

## II.

## HOE ONTSTAAN DIE EUWEL?

In die eerste plaas is dit die vrou self wat verantwoordelik is vir hierdie sedelike verwildering. As sy haarself in die laaste jare nie so spotkoop gemaak het nie, sou 'n man tweemaal dink voor hy homselk alle soorte vryhede teenoor haar veroorloof. Maar so iets as sedelikheid, skaamte en selfrespek word te dikwels by jong dames gemis. Die vrou van vandag het verleer om te bloos. Dit is te vrouelik om te bloos, en die vrou is daarop uit om 'n man te wees. 'n Man bloos nie en waarom sou 'n vrou dan bloos? En tog, 'n vrou wat nog kan bloos is veilig. Geen man sal sy hand aan 'n dame sit as sy bloos nie: hy sal dadelik voel dat so 'n tere blom nie mag verfrommel word nie. Die skaamteblos op haar gelaat is haar beskerming Maar die vrou wat mansklere dra en rook kan nie bloos nie: dit pas nie by haar nie. Sy is te onvrouelik vir so iets skoons en teders.

Vroeër was 'n vrou bang vir 'n man wat te vatterig is, wat haar betas asof sy 'n bondel wasgoed was. Sy sou so iemand dadelik die rug toekeer. Maar wat is dikwels die geval nou? Dit is vandag die dame wat vatterig word. Dit is sy wat die man vasklou en betas asof hy haar speelgoed was. Dit is sy wat so gemeensaam en fa-

miljêr met hom omgaan dat jong mans dikwels agteruit deins en skrik vir die vrypostigheid van dames. Dit is vandag sy wat die brutaliteit het om die man nie alleen te beklou nie maar selfs 'n skop te gee. En dit word dan as 'n mooi grap beskou!

En die manier waarop vrouens hulle dikwels aankleed en met bene oormekaar sit en in die geselskap hulle toilet maak, is meermale genoeg om die koudste man se hartstogte te prikkel. Dit word werklik moeilik vir 'n man om kuis te bly of om kuis te dink. Die hele samelewing is daarop aangelê om die geslagsdrifte wakker te hou en die vrou by die man te onteer. Die man kan nouliks langer na die vrou met eerbied opsien of vir haar ontsag hê: sy maak haarself te goedkoop en dring haarself te erg aan die man op. Sy word lastig en gevaarlik.

Maar dit is nie net haar eie optrede wat die gesonde verhouding tussen dames en here in gevaar bring nie, ook die advertensie-prente in koerante en tydyskrifte verlaag die vrouelike figuur deur dit gedurig halfnaak en in alle suggestiewe posture uit te stal. Die privaatste onderklere van die vrou staar jou gedurig in die gesig in byna elke koerant of winkelvenster.

En in die bioskoop is byna elke vertoning daarop uit om die geslagsdrif op te wek. Dit word beskou as een van die vernaamste aantrekkingskragte na die bioskoop as daar 'n liefdestoneel voorkom met alles wat daarmee gepaard gaan. Die rolprent, waarin die sinnelikheid nie gestreel word nie, word beskou as droog en oninteressant. Jong mense moet nou eenmaal by elke rolprentvertoning 'n soort seksuele bad neem en, in hulle verbeelding altans, ontug pleeg. Is dit dan te verwonder as daar so 'n verwildering in die verkeer van mans met vrouens plaasvind? Is dit 'n wonder dat die man vandag die vrou uit net een oogpunt beskou en dit die oogpunt van wellus?

En as 'n mens die strande van ons land besoek, wat sien jy daar? Die gemengde baaie sou nog oorgesien kan word as man en vrou elkeen fatsoenlik van mekaar af swem, maar wat gebeur? Jy sien soms 'n dame in skamele badsklere sit op die skouers van 'n man met haar bene op sy nek en so ry sy op hom in die water rond! En as hulle uit die water kom dan lê en rol hulle oor-

mekaar ure lank halfnakend op die sand. Die geslagsprikkeling word onweerstaanbaar. Kan die vrou rein bly? Kan die man dit help as hy oor-vrypostig word? Waar bly die vrouelike selfrespek? Waar is haar outydse sedigheid? Waar is die eerbied wat die man vroeër vir die vrou gehad het?

Dit was die geheimsinnigheid van die vrou waarin haar krag in die verlede gesteek het. Dit was ook haar aantrekkingskrag. En dit was haar veiligheid. Maar nou word sy vir spot en spektakel deur iedere Jan Rap en sy maat aangestaar, want sy het die sleutel van haar krag weggesmyt. Daar is niks privaats of geheims by die vrou meer nie. Selfs kinders vind die vrou oninteressant want sy is te goedkoop. En wat te goedkoop word, verloor alle waarde en waardering.

Verder het ons dan nog die boeke wat deur dames oral gelees word, die sogenaamde „best sellers." En daaronder is nie net vuil romans nie, maar veral die oorlogsboeke wat skreeu van die onsedelikheid. Die jong dames reken dat, as hulle daardie goed nie lees nie, dan raak hulle heeltemal buitekant die beskaafde wêreld, want dit is mos die vernaamste onderwerp in elke geselskap! Hulle lees dit dus met graagte en hulle sedelike voelhorings word so afgestomp dat hulle dit later mooi en interessant vind, en aanstonds niks anders meer kan geniet nie.

Een van die treurigste feite is dat sommige van die morsigste romans juis deur vrouens geskrywe word. Ja, een van die allerergste gevalle was 'n boek, wat in Amerika en ook in Engeland nie kon uitgegee word nie, omdat die censor die publikasie daarvan verbied het. Dit is toe in Frankryk uitgegee. En dit was 'n boek wat 'n vrou geskrywe het! Die vrou is stadigaan besig om haar vrouelikheid te vermoor. Geen wonder dat in Europa een van die vernaamste professies van vrouens is om hulle eie liggame teen 'n bakketel te verhuur, en op die manier 'n lewensbestaan te maak. Ongeveer agt miljoen vrouens in Europa—meestal jong meisies — doen aan hierdie professie. En dit is seker 'n baie gewilde professie as 'n mens let op die getalsterkte wat daaraan meedoen.

Vandag is dit mode om by ouers en onderwysers aan te dring dat hulle met jong kinders oor geslagsake sal praat, en die kinders daaromtrent sal inlig. Dit word beweer dat hulle dan nie sal nodig hê om die inligting by maats op te doen nie.

In die eerste plaas sal dit seker nie verhinder dat die maats hulle tog sal inlig nie en met dieselfde oneerbiedigheid as anders. Maar wat erger is: die seuntjie of dogtertjie sal onmiddellik die storie aan sy of haar maters gaan oordra, en dit sal dan 'n vername onderwerp van geselskap en spot onder die kinders word. In plaas van die seksuele prikkeling te verminder, laat jy daar die hartstog voor sy tyd ryp word. Want een ding is bepaald seker: elke idee, wat jy in die gees van die kind lê, streef na sy eie verwesenliking. *An idea is an incipient action.* Die nuwe gedagte word 'n drang en soek om werklikheid te word. Daardie informasie werk suggestief en gee rigting, nie net aan die kind se gedagtegang nie, maar aan sy gedrag. Suggestie is dikwels 'n onweerstaanbare dryfveer. Deur suggestie maak jy 'n gesonde mens siek en 'n siek mens gesond. Dit werk op jou siel en op jou liggaam. En enige suggestie, wat daardie dierlike instink prikkel, maak 'n woeste tier wakker. Ons ou Boere het sulke sake nooit met kinders bespreek nie, het nooit toegelaat dat sulke dinge in gemengde geselskappe sou genoem word nie. En was hulle minder sedelik as die verligte lui van vandag? Gevalle van onkuisheid was uitsonderings by ons ou Boere. Hulle was—en is oor die algemeen nog—buitengewoon rein in hulle omgang met mekaar. Die vroegtydige voorligting lei na die verderf.

Die natuur self sorg dat daardie informasie op die regte tyd sal ontvang word. Om dit voor die tyd wakker te skud is onnatuurlik. Waar kry die diere hulle inligting vandaan? Het hulle dan meer verstand as 'n mens? Wie leer die eend om te swem as hy vir die eerste keer water sien? Die informasie is oortollig en lei net na wandade.

Maar die laaste strooi wat die kameel se rug gaan breek is die hedendaagse mening dat dit reg is vir getroude mense om die kindertal kunsmatig te beperk. Met

ander woorde: dit is reg om voorbehoedmiddels te gebruik om die vrug van die geslagtelike omgang te vernietig. Hierdie praktyk dra nou al die goedkeuring van groot kerkgenootskappe weg en word baie warm bepleit deur sommige van die invloedrykste vrouens van die wêreld. Jy mag dus wel trou en vrou word, maar jy hoef nie moeder te word nie. Om moeder te wees is lastig en eis te groot offers van die vrou. By die huwelik is die oogmerk dan nie meer die voortplanting van jou volk nie, maar die bevrediging van jou sinnelike luste. Die vrou word verlaag tot 'n blote genotsmiddel. Sy word niks anders as 'n gewone ding, en hou op om 'n sedelike skepsel of 'n persoon te wees. Wat 'n vernedering van die vrou! En sy pleit self daarvoor! Haar vrouelikheid, haar moederlikheid, haar eintlike bestemming gaan te gronde, maar sy wil dit!

Maar die grootste gevaar van daardie voorbehoedmiddels is nie dat dit stadigaan 'n kinderlose wêreld gaan skep nie, maar dat dit 'n vrybrief gaan gee aan duisende onverskillige jong mans en jong dames om buite die huwelik daardie luste, sonder gevaar, te gaan botvier. Ons weet almal hoe groot die persentasie onverskilliges in die wêreld is, mense op wie die kerk hoegenaamd geen vat het nie. Dit is hierdie mense wat van daardie middels vandag vry gebruik maak en soos vee leef. Hulle dink daar nie meer aan om te trou nie; hulle droom nie meer aan 'n huislike lewe nie, en hulle help vrolik om die vrouelike eer te vernietig, want dit maak die ontug gevaarloos. Vrees vir die gevolge van daardie sonde hoef daar by niemand meer te bestaan nie. Die mediese wêreld het gesorg dat 'n mens op geslagtelike gebied vry-op kan sondig en die wrange vrugte van jou kwaad kan vryspring!

## III

## IS DAAR REDDING?

Die toestand is byna holepoos. Die stroom word byna onkeerbaar. Die invloede wat saamwerk om daardie euwels te populariseer is magtig. En die treurigste van alles is dat die krankes nie wil genees wees nie.

Miskien is die eerste stap wat moet gedoen word dit: die vrou self moet daartoe gebring word om te besef dat sy haar eie grootste vyand word. Dit is die houding wat sy vandag teenoor die man inneem wat haar ondergang as vrou gaan bewerk. Sy moet van kleins-af geleer word dat daar niks edelers, skoners en heiligers is as 'n egte, waaragtige vrou, en dat 'n moeder die kostelikste gawe van God op aarde is. Dus, om man te wil wees, is om die hele vroulike geslag te beledig. Sonder 'n egte vrou is liefde eenvoudig onmoontlik en sonder liefde is die menslike lewe 'n tragedie. Ook moet sy leer verstaan dat geen ordentlike man eerbied het vir 'n vrou wat die man in alles na-aap nie. Niemand dink iets van 'n mannetjiesvrou nie, net so min as 'n vrou iets sou dink van 'n wyfiesman of verwyfde man. Wat sou 'n dame dink van 'n man wat lang hare dra, sy lippe rooi verf, sy neus wit poeier en met 'n fyn stemmetjie praat? Sal sy met so iemand wil trou? Die man is wel dikwels te hoflik om sy veragting teenoor so 'n ontaarde vrou te lug, maar in sy siel verag hy haar.

In die twede plaas sou die kerk veel kon doen om verbetering teweeg te bring. Maar die kerk moet haar verlore vat op die mensdom herwin. Sy moet meer rekening hou met die lewe en gedagtewêreld van die hedendaagse mens. Die preke van die meeste kansels hang soos skilderye in die lug en raak die hoorder nie. Die preek moet meer op die man af wees en die etiese eise van die lewe moet op die voorgrond gebreng word. Al die leerstellige pleidooie op die kansel laat die groot meerderheid van die hoorders koud, en van die fariseërs onder die gehoor, maak jy onuithoubare dwepers wat die hele Kristendom in veragting bring. Die preek moet aktueel wees. Dit moet die biesondere versoekings en gevare wat ons jongmense vandag bedreig positief behandel en direk bespreek. Ons moet reguit praat. Ons moet ophou om lange en welsprekende beskrywings te gee van Abraham en Moses en Dawid. Ons lewe te anders as daardie Oosterlinge om ten volle voordeel te trek uit hulle moeilikhede. Die hele sedelike lugkring en ons lewensideaal verskil hemelsbreed van die van hulle. Jy raak dus ons mense nie deur op Moses korrel te vat nie. Ons het ons eie siektes hier en vandag en daardie ou

mense het hulle eie siektes gehad. Laat ons tog verstaan dat ons vir ander siektes ander medisyne moet gebruik. Ons is nie Jode uit Asië of Egiptenare nie. Ons het te doen met Engelse of Duitsers of Afrikaners en hulle is vreemd aan al wat vir die Oosterling vanself spreek. Jesus is die lig van die wêreld. Hy is as Saligmaker geen Jood nie. Laat vandag se mens dan voel dat sy lewe in die lewe van Jesus kan wortel en dat hy sy Krag uit Jesus kan trek, dat Jesus die Waarheid is en dat daardie waarheid die moderne mens kan vrymaak. Ons moet ontdek dat Jesus by ons pas, ons ideaal kan wees en ons met krag uit die Hoogte kan aandoen om daardie ideaal te verwesenlik.

Eindelik, ons moet die middeleeuse deug van ridderlikheid herstel. Die jongetjie, moet leer om die meisies baie hoflik te behandel. Van kleins af moet die seuns geleer word om beleefd te wees teenoor die dogters en die meisies moet leer om sedig te wees, om hulle selfrespek te bewaar en om nie goedkoop te word nie. Die jongetjie moet altyd voel dat daar iets geheimsinnigs, iets waardigs, iets bekoorliks by die meisie is en hy moet dit eerbiedig. Die „ewige vrouelike" moet die man beheers en betower. Alle vatterigheid en vasklouery en stoeiery tussen jongetjies en meisies moet streng verbied word. Dan sal die vrou haar vrouelikheid behou, en sy sal veilig bly en haar wondervolle, betowerende invloed weer ten goede uitoefen.

Daar is nog ander wenke wat kon gegee word, maar ons volstaan met hierdie paar. Mag wat ons hierbo gesê het, sommiges van ons tot nadenke stem. Mag dit veral die oë van ouers laat opgaan. En mag dit tot waarskuwing dien vir beide dames en here.

———oOo———

Toen ek die dag Kristen word toen word ek skaam.

Kristus was lid van 'n aardse huisgesin; vir dertig jaar het Hy Sy huisgesin in stilte gedien.

# *DIE REGTE GEBRUIK VAN ONS VRYE TYD.*

Ds. J. R. Albertyn, Kimberley.

1 *Tim.* 4:8: „Want liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is tot alle dinge nut."

Ons is geneig om ons vrye tyd as *van minder betekenis* te beskou. Die tyd bestee aan ons werk, aan die uitoefening van ons beroep, ons broodwinning, *die* tyd ag ons baie belangrik te wees. Ons het soms jare van studie as voorbereiding daarvoor bestee. Maar ons vrye tyd is tog ons eie, ons kan dit bestee soos ons wil; min studie en gebed is vir voorbereiding nodig,—so meen ons dikwels.

Ons is dan ook geneig *minder oplettend* te wees oor besteding van ons vrye tyd. Ons werkure eis van ons as mense van karakter dat ons elke oomblik daarvan nuttig sal gebruik. Maar die ure van ontspanning en ydelheid kan maar ongebruik verbygaan, meen ons.

En tog is ons vrye tyd van die allergrootste belang omdat:

Dit ons *gevaarlikste tyd* is. Wanneer ons hard besig is, is ons tamelik veilig. Ons aandag is in beslag geneem, en ons werk onder 'n baas wat oor ons toesig hou. Ons werk self bring ook mee dat ons karakter daardeur opgebou word: arbeid adel. Maar ons ledige ure, ons vakansietyd—dit is die Bose se kans ons in versoeking te bring. Ledigheid is die duiwel se oorkussing. Die juk is opgelig, die tuig is losgemaak, en daar gaan ons soos 'n vry perd.

Verder: ons vrye tyd vorm 'n groot deel van ons lewe. Ons kan ons dag meer of min as volg verdeel: 8 ure vir werk, 8 vir slaap, en dan bly daar nog 8 oor vir ons vrye tyd. Bowedien kom daar nog by 'n vrye dag elke week, en 'n vakansie al jare.

Nou is daar gewoonlik twee gesigspunte vanwaar ons ons lewe kan beskou: die eerste is dat ons *werk* ons hoofdoel is en ons vrye tyd alleen daartoe bestaan om ons die nodige rus en ontspanning te verleen om des te

beter te kan werk. Vir vele egter is dit net andersom; hulle vrye ure is by hulle hoofsaak en die werk is alleen bedoel om die nodige geldelike middels te verskaf om des te meer plesier en genot van hulle vrye tyd te kan smaak.

Ons vry ure voorsien verder *die beste kans* vir 'n Christen om sy lig te laat skyn. Om hard en getrou te werk, veral onder die oog van 'n ander, is geen deug nie: maak die sondaars ook nie so nie? Maar om jou as 'n beelddraer van Christus te gedra as jy alleen is, en jou eie baas—dit is genade by God. Die beelddraer van Jesus moet hom ook besonder toelê om 'n geseënde invloed te versprei in sy medemense se vrye tyd, wel wetende hoe seer hulle dan aan verleidelike invloede blootgestel is.

Veel bepeinsing en gebed is dus nodig teneinde ons eie ledige tyd reg te gebruik en ook andere daarin te lei en te help.

Ek bespreek kortliks twee punte. Ons vrye tyd verskaf:—

1) *Die geleentheid tot gesonde ontspanning.*

2) *Die kans tot kulturele opbouing.*

I. *Gesonde ontspanning.*

Ek wil die woord in die wydste sin gebruik. Enige liefhebbery soos: sport, atletiek, fotografie, tuinbou, skrynwerkery, leeslus, naaldwerk, ens. is 'n ontspanning.

Hier wil ek met klem wys op die Christen en die Kerk se plig om lewende belang te stel in gesonde ontspanning. In die verlede was ons te seer geneig om veroordelend op te tree, sonder goeie raad te gee. Die Christene het die danssaal veroordeel, die bar, die biljart- en kaarttafel, lotery, dobbelary ens. sonder om iets gesonds in plaas daarvan aan te beveel. Hulle het oor die hoof gesien dat *die behoefte aan ontspanning die gesonde, normale, drang is van 'n gesonde, normale mens.* As daardie behoefte nie langs wettige weë bevredig word nie, sal die versoeking altyd bestaan dit op ongeoorloofde maniere te versadig.

Ons hou ook nie genoeg rekening met die veranderde tye nie. Die stryd om te bestaan word gedurig hewiger, en daarom word die drang na rekreasie en ontspanning ook sterker.

Dit is voorwaar iets siekliks wanneer 'n Christen neersien op onskuldige vermaak en plesier; dit dra weinig by om daardie Christen die sout van die aarde te maak, die lig van die wêreld. Daar is nog te veel van die wettiese gees van negatiewe veroordeling by ons; die gees van: „tast niet, smaak niet, raak niet aan." Dit bring ons niks verder nie. Christus het gesê: „Ek het gekom opdat hulle lewe mag hê, 'n oorvloedige lewe. (Joh. 10:10.)

Laat ons dan die behoefte erken, dit op *gesonde maniere* bevredig, en so sal die ongewenste verskynsels verdwyn.

Dit is egter ongewens vir die Kerk om hom direk met die mense se ontspanning in te laat; die Kerk moet dit doen deur middel van sy *christelike huisgesinne* en deur sy *jeugorganisasies*. Christen ouers moet hulle huise meer opmaak vir ontspanning en vermaak vir jongmense. Ouers is te selfsugtig, en lief om hulle aande stil deur te bring. Die gevolg is die kinders besoek die bioskoop en ander ongewenste plekke.

Ook kan ons jeugorganisasies: die Strewers, C.J.V., Bybelklas, Sonkagskool, ens. baie doen. Ons kan .b.v sportklubs organiseer, en also deelname aan sports van allerlei soorte aanmoedig. En indien die Christene hulle meer in die dinge interesseer sal hulle ook beter in staat wees om te velde te trek teen die *oordrewe sportgees* wat ook by 'n deel van ons volk geopenbaar word. Paulus sê die liggaamlike oefening is wel van 'n weinig nut, maar vergelyk by die seën van die godsaligheid, is dit maar gering.

Ek dink hier verder aan *gesellige verkeer* van allerlei aard wat ons jeugorganisasies kan organiseer: bv. uitstappies, pieknieks, opelug byeenkomste, gesellige aande, gesamentlike vergaderinge ens. Laat alle jeugorganisasies by die opstel van hulle programmas voldoende rekening hou met die behoefte aan ontspanning.

II. *Vrye tyd verskaf die beste kans tot kulturele opbouing.*

Hierdie menslike behoefte is nog meer belangrik as die aan ontspanning, dog tree minder op die voorgrond. Dit moet met moeite en volharding gewek en bevredig

word. Daar is by die meeste 'n groot oppervlakkigheid van gees sodat hulle moeilik vir kultuursake besiel kan word. Dog ons moenie wanhoop nie, maar op alle maniere ons jongmense probeer inlei tot 'n ryker, voller lewe.

Die groot gevaar waarteen ons moet waak in ons land is die van 'n *godsdienslose kultuur*, m.a.w. 'n kulturele en kunslewe waarin die hoogste kultuur en kuns ontbreek: nl. die kultuur van die siel, die kuns om God te sien. Daar is 'n groot oplewing van die kultuurlewe van ons volk, en die Christene moet toesien dat *die* lewe nie halfpad bly staan nie, maar deurdring tot God, die bron van alle skoonheid en lieflikheid. Ons moenie alleen die natuur bewonder nie, maar God die Skepper van die natuur. So moet ons God sien en aanbid in groot kunswerke, en edele skeppinge van die menslike gees.

Hier dan lê 'n grootse en heerlike taak vir ons jeugverenigingе om naamlik die oë van ons jongmense te open vir ware kultuur, en om hulle dan verder te lei tot die God van alle skoonheid. Dit kan ons doen deur sake as die volgende aan te moedig:

1. *Taal en letterkunde.* Aande deurgebring met boekbesprekinge, met die werke van ons groot digters en prosaskrywers, het die grootste waarde om die jeug te besiel met hoë ideale.

2. *Die voordrag- en toneelkuns.* Opvoeringe van sedelike, godsdienstige en estetiese strekking dien as aanskoulike opvoedingsmiddels wat met besondere krag en klem tot die mens spreek. En wanneer die *Christene* hierin belangstel, sal die toon en strekking daarvan gesond, rein en opvoedend bly, en vry van die ongesonde prikkeling en lawwe oppervlakkigheid wat soveel toneelopvoeringe in ons tyd ontsier.

3. *Musiek en lied.* Nie alleen gewyde musiek nie, maar volksliedere en sang. Gemeenskapsgesang van ons volksliedere besit groot bekoring en aantrekkingskrag vir jonk en oud, en doen veel om die lewe te veraangenaam en genotvol te maak.

4. *Beeldende kuns.* Tentoonstellinge van skilder- en tekenkuns, van naaldwerk, van oudhede ens. dien georganiseer te word. Die uitlowing van pryse bemoedig gesonde kompetiesie en ywer.


5. *Kunswedstryde.* Met dankbaarheid verneem ons van die steeds toenemende getal stede en dorpe wat jaarliks kunswedstryde van allerlei aard op tou sit.

6. *Viering van Dingaansdag.* Met alle mag moet ons as Christene ons groot volksfees tot 'n sukses probeer maak. Ons moet die ideale van ons voorouers omhoog hou, teen hedendaagse gevare van afbreking daarvan waarsku, en also die volkslewe in noue verbinding met sy verlede bring en bewaar.

7. *Kerklike en staatkundige lewe.* Kennis van die groot bedrywighede van Kerk en Staat is opvoedend en inspirerend. Dit lei tot 'n ryker, voller, nuttiger lewe. Dit berei die jeug voor tot deelname, en tot 'n besef dat *hulle* die Kerk en staat van die toekoms uitmaak.

Ja voorwaar die godsaligheid is tot alle dinge nut. Die christelike beginsels moet in alles inwerk en deurwerk soos 'n suurdeug, om te veredel en te verfyn, te beskaaf, te besiel. As ons vrye tyd op sulke maniere bestee word, hoe dubbel nuttig, diensbaar, geseënd sal ons lewe nie wees nie!

———o0o———



*GETROUHEID AS KENMERK VAN DIE VOORGESLAG.*

---

Prof. Ds. J. D. Kestell

---

BY DIE VROUE-MONUMENT.


---

Ds. Albertyn het eers aan die besoekers die een en ander vertel in verband met die twee brons-reliefs aan weerskante van die groot obelis. Hy het die aandag gevestig eers op die en aan die weste sy wat voorstel 'n huis aan die vlamme ten prooi oorgegee, en vroue en kinders daarvandaan op weg na die waens wat hulle na die kon-

sentrasie kampe moet vervoer. Toe vra hy die aanwesiges om hul oë te slaan op die voorstelling aan die oostekant. Dis 'n droewe toneel. Dis die tente van die kon-



sentrasiekamp. Daar kan gesien word die uitgeteerde beelde van vroue en kinders en van een siek kindjie aan wie se *lewe die angsvallige moeder wanhoop.*



Die groot gedagte van die konferensie moet ook op hierdie heilige grond ons besighou; ons spreek oor ons voorouers as beelddraers van Christus. Nou dink ons nie so seer aan die aan wie se nagedagtenis hierdie monument opgerig is as ons voorouers nie. Dis nog te kort gelede dat hulle heengegaan het. Die voorouers is die

Voortrekkers, en die wat nog voor hulle geleef het. Maar ook hulle wat in ons laaste oorlog die lewe gegee het vir die groot ideaal van die vryheid, het dieselfde gees geopenbaar as die vorige geslagte. Om nou beelddraers van Christus te wees moet ons sekere groot eienskappe in ons lewe openbaar: geregtigheid, getrouheid, geloof, hoop, liefde. Dit sal onmoontlik wees om op elkeen van hierdie deugde te let in verband met ons voorouers; en daarom bepaal die spreker hom net by een: *getrouheid.* Dit was 'n groot eienskap van die voorouers. Hulle was getrou aan God en getrou aan die handhaaf van 'n groot beginsel—om vry te wees, om te stry vir die vryheid wat hul oortuig was dat God wou hê dat hul moes besit. Daarvoor het hulle alles opgeoffer. In die begin het die Voortrekkers dit gedoen toe hulle hul plase vir spotpry-



se verkoop en in die wildernis in getrek het, en in ons groot oorlog het hulle nageslag ook alles ten offer gebring. Dink maar net aan die offer van vroue en kinders. Dit word gesê wat dit was in die uitgebeitelde woorde op hierdie monument. Hierdie getrouheid van die voorouers het gerus op 'n onverwoesbare vertroue op God. Hierdie godsvertroue het die beeldhouer in brons

hier terug gegee en verewig. Kyk na die beelde van die twee vroue hierbo. Die een sit met haar kindjie op haar skoot. Dit is dood of sterwend. Sy is moedeloos. Die wanhoop staan op haar gesig te lees. Dit is klaar met my volk, dit sê sy. Ons land is verwoes. Ons onafhanklikheid is van ons geneem. Ons bestaan nie meer as volk nie. Ons is dood.

Maar nee!

Die ander vrou—is dit nie maar dieselfde vrou nie? —die ander vrou staan voor ons en hoop straal van haar gesig. Die hoop wat nie kan sterwe nie. Dit is godsvertroue in die swartse oomblik van die lewe. Hierdie eienskap van die beelddraers van Christus—godsvertroue—wys een van die uitstaande geestelike eienskappe van ons voorouers. Daar staan die vrou en staar op die onvergelykbare mooi vlakte wat uitstrek tot vér anderkant die Modderrivier. „Ek sal nie heeltemal sterwe nie," dit is wat ons haar hoor sê. My volk is nie dood nie. Soos Moses sien sy in die Toekoms. Sy hou vol as een wat die Onsienlke sien.

# SOSIALE VRAAGSTUKKE.

## *BEELDDRAERS VAN CHRISTUS MET BETREKKING TOT DIE ARME.*

(Dr. N. J. van der Merwe.)

In die program van Aksie waarmee Jesus sy Prediking inlei staan daar volgens Luk. 4:18 nommer een: „Om aan die Arme die Evangelie te verkondig."

Ek weet dat die woord „arme" in Lukas nie net armoede in stoflike sin aandui nie. Waar hy in die mond van Jesus die woorde lê „Salig is julle, Armes!" daar bedoel hy dieselfde as Mattheus wat verklaar dat Jesus gesê het: „Salig is die Armes van Gees." Tog het ons die volste reg om ook die Prediking te Nasareth in die letterlike sin van stoflike armoede te vertolk. Jesus se Evangelie is werklik „'n goeie tyding vir die arme."

In sy lewe, prediking en dade het Jesus hom op biesondere wyse met die arme en minder bevoorregte deel van die bevolking vereenselwig. Van self het Hy verkies om hier op aarde die lot van die arme te deel. Hy was nie net toevallig in 'n stal gebore nie. Sy ouers was onder die geringe arbeidslui wat by sy besnydenis en voorstelling in die tempel met 'n offerande van 'n paar tortelduiwe en twee jong duiwe moes verskyn. Het hy nie self uitgeroep: „Die vosse het gate en die voëls van die Hemel neste maar die Seun van die mens het nie 'n plek waar hy sy hoof kan neerlê nie!"

In Sy prediking het Jesus dikwels met groot nadruk gewag gemaak van die roeping wat daar te vervul is met betrekking tot die arme en ongelukkige. Hy lê nadruk op die feit dat elke mens 'n rentmeester is wat rekenskap van sy besittinge sal moet gee. Hy veroordeel kapitalisme in die sin van 'n strewe na rykdom wat die ophoop van skatte lewensdoel maak. Ons herinner aan uitdrukkings soos: „Wee, julle rykes"; „Verkoop alles wat jy het en gee aan die arme," ons dink aan die gelykenis van die ryke dwaas en van Lasarus en die Ryke

man. Dan is daar die gelykenis van die Goeie Samaritaan wat die kroon span oor al hierdie gelykenisse. Hier gee Jesus vir alle eeue 'n voorskrif van liefdadigheid soos hy dit verkondig. Dit is 'n gelykenis wat elke beelddraer van Christus moet uitleef. Ons het hier 'n veroordeling van 'n offisiële Christendom wat sy Godsdiens tot die mure van die tempel beperk of desnoods hom tevrede stel met offisiële liefdadigheid wat 'n ongelukkige op die pad laat lê en dit net as 'n geval aan een of ander liefdadigheidsinrigting rapporteer.

Ek wil vir geen oomblik voorgee dat liefdadigheid deur Jesus in die lewe geroep is, al is dit ongetwyfeld dat dit op kristelike erf van sy skoonste vrugte gedra het. Die Ou Testament is vol van voorskrifte ten behoewe van die arme. Dink maar aan tekste soos Ps. 41:1, Deut. 15:11, Spr. 14:21 ens.

Onder die Jode was daar nog voor die koms van Christus een van die mees deeglik georganiseerde stelsels van liefdadigheid wat die wêreld geken het. Onder alle nasies beide in die Ooste en Weste, of hulle nou van Christus gehoor het of nie, is hulpbetoon aan die naaste en ontferming oor ongelukkige volksgenote en selfs vreemdelinge geen onbekende saak nie. Liefdadigheid is 'n plant wat groei en gegroei het op die terrein van die algemene genade. Daar is vandag ook baie mense wat met die kerklike of godsdienstige lewe van die volk niks te doen wil hê nie, en wat tog gewillig is om groot somme geld uit jammerhartigheid teenoor hulle medemense mildelik by te dra.

Ondanks die sonde, ja selfs omdat die sonde daar is en oorsaak baie gou kan word van die totale verwoesting en vernietiging van die mense geslag, het die Here God daarvoor deur sy algemene genade gesorg, dat daar in die mens soos ook in die dier 'n natuurlike gevoel van jammerhartigheid moet bestaan. Uit krag van dieselfde genade selfs waar die Evangelie onbekend is, het die Heer die verderf ook deur baie ander middele gestuit, soos deur die instelling van die gesag van vader en moeder in die gesinslewe, en van die regering in die bestaan van volkere. *Wat is dan die kenmerkende in die leer van Christus, waardeur hy 'n biesondere goeie tyding vir die*

*arme gebring het?* Dit lê in die Gods Openbaring wat Hy gebring het. Niemand het nog ooit aan die wêreld so 'n duidelike en gesaghebbende openbaring gegee van die Vaderskap van God soos Jesus dit gedoen het. Waar Hy sy volgelinge leer dat God ook hulle Vader is daar bepaal hy onderling hulle verhouding as mense tot mekaar. Erken hulle almal een God en Vader dan is hulle almal broers en susters. Hierdeur kom daar so 'n innige betrekking teenoor die naaste tot stand dat liefdadigheid nuwe geestelike betekenis kry. Die koue offisiële band val weg en daar kom die warme persoonlike betrekking van die goeie Samaritaan. Hierdeur verdwyn alle skeidslyne van rasse vyandskap. Die Samaritaan kon gedink het dat dit waarskynlik 'n Jood, dus een van sy nasionale vyande is, wat daar tussen Jericho en Jerusalem lê. Jesus laat hom nie toe om te vra van watter volk of land hy afkomstig is nie.

In hierdie kardinale leerstuk van Christus aangaande God as Vader en my medemense as broers en susters is daar genoeg krag om die hele maatskappy te hervorm. As dit konsekwent deur sogenaamde Christen volke sou toegepas word dan was daar geen sosiale kwessie meer nie. Dan sou ons nie gehoor het van sosialisme of bolsjewisme nie. As elke baas die geestelike broerskap of susterskap van sy diensknegte sou erken en as elke dienskneg ook verstaan watter verpligtinge sy geestelike verwantskap teenoor sy meester meebring, dan sou ons nooit gehoor het van werkstakings en dergelike onluste nie. Die bestaan van loonwette, konsiliasiewette en dergelike maatreëls deur die staat toegepas om die sosiale wanverhoudinge in toom te hou is 'n erkenning dat die leer van Christus nog nie ons maatskaplike lewe deursuur het nie. Die eeu waarin ons lewe is wel deeglik hiervan bewus. Vandaar dat daar van uit arbeidskringe die laaste tyd so dikwels die geroep opgaan met betrekking tot die leer van die kerk: „Nie Paulus nie maar Jesus."

Tog het Paulus en die ander apostels die leer van Christus met betrekking tot ons onderlinge broer- en susterskap konsekwent toegepas. Dink maar aan Paulus se brief aan Filemon. Ook het die krag van die ou Apostoliese kerk gelê in sy biesondere geestelike beoe-

fening van barmhartigheid soos selfs heidense skrywers getuig. 'n Hulpbehoewende gemeente in daardie dae was nie 'n gemeente wat nie sy predikant se salaris kon betaal nie, of 'n eie kerk kon bou nie, dit was 'n gemeente wat nie oor voldoende stoflike middele beskik het om vir sy weduwees en wese en oue van dae te sorg nie.

In ons dae is die kristelike kerk maar te bly om van Ouderdomspensioene te hoor en hierdie versorging so veel moontlik aan die staat oor te laat.

Op voetspoor van Christus se sending en program van aksie het die apostels 'n biesondere amp van barmhartigheid ingestel. „Soos die Vader My gestuur het' het Jesus gesê, „so stuur Ek julle." Die Vader het Christus gestuur nie net om te leer en te preek nie dog ook om deur dade van liefde Sy liefde aan die wêreld bekend te maak. Deur die amp van barmhartigheid moet die kerk ook die boodskap van liefde aan die arme en ellendige bring. Dit kan nie gedoen word alleen deur die koue uitreiking van alimentasie deur die kassier nie. In die handreiking van die diaken of diakones moet daar ook die hart van liefde gevoel word. Die algemene priesterskap van alle gelowiges moet hier ook tot openbaring kom.

As daar ergens 'n roeping vir die kristen is om 'n beelddraer van Christus te wees dan is dit in sy verhouding tot die arme en ellendige. Ons moet dit hier in baie letterlike sin wees. 'n Kind dra die beeld van sy vader omdat die natuur van die vader in hom is. Kinders van dieselfde vader is beelddraers van dieselfde wese. Christus het gepraat van „My Vader en U Vader, My God en U God." Waar ons die geestelike broer- of susterskap van ons medemens erken uit hoofde van die feit dat God ons Vader is daar erken ons ook ons verwantskap met Christus. Hoe meer ons Sy liefde openbaar des te meer kan dit van ons gesê word dat ons soos Christus die beeld van die Vader dra. Hy kon met waarheid sê: „Die wat My gesien het, het die Vader gesien." Mag meer as een van ons ongelukkige broers of susters ook God sien deurdat Sy beeld deur ons dade aan hulle getoon word.

## *DIE MAATSKAPLIKE BEARBEIDING VAN ONS ARMES.*

(Ds. J. R. Albertyn, Kimberley.)

Die vraag wat ek wil bespreek is: Hoever strek die Kerk se aktiewe belang in die armes? M.a.w. wat is die inhoud van maatskaplike werk, sover dit die kerk aangaan? Moet dit volstaan met sedelike en godsdienstige sorg, *of sluit dit ook in die behartiging van die armes* se behuising, hulle lewenswyse, intellektuele en kulturele lewe, ontspanning, werklose, die welvaart van hulle kinders, ens.? Die kerk soek tog om die toring op te bou, m.a.w. die hoogste belange van die mens te behartig. Maar hoe kan hy dit doen sonder om kennis te neem van die onderstruktuur waarop die toring moet rus?

En tog is dit presies wat die kerk in die verlede gedoen het. Maatskaplike misstande en wanverhoudings is vir 'n deel gedoog, en in die verskynsels van veragtering en verarming is grotendeels berus. Sulke toestande moes *dien*—was die *bewering*—om die *mens* van die aardse te speen en vir die hemelse lewe voor te berei.

Maar nou kom die aktuele vraag: hoe ver strek die Kerk se maatskaplike roeping? Is daar nie gevaar dat deur hom te veel met die tydelike in te laat hy sy geestelike roeping sal verwaarloos nie? Val maatskaplike werk wel binne die gebied van die Kerk; hoort dit nie meer by die staat tuis nie?

My betoog is dat dit wel die Kerk se roeping is om hom al hierdie dinge aan te trek, anders moet hy verwag om tot 'n klein hoekie van die volkslewe teruggedring te word, sonder invloed, sonder medeseggingskap in die groot kwessies van die land. Die betoog is verder dat indien die N.G. Kerk hom sou terugtrek van lewende belangstelling in al ons sosiale probleme hy ontrou sou wees eensdeels aan sy Gereformeerde belydenis, en anderdeels aan sy eie verlede. Dit was nog altyd die skone verdienste van ons Gereformeerde belydenis dat hy 'n magtige invloed uitgeoefen het op elk gebied van die

(a) Die beginsel van self-help. „Om te bedel skaam ek my" het die onregverdige rentmeester gesê; maar ongelukkig is dit nie die sienswyse van 'n groot en groeiende deel van Afrikaners nie. Op skaamtelose wyse word steeds by Kerk en Staat aangeklop deur individue, verenigings, liggame ens. 'n Prominente besoeker uit die buiteland het verlede jaar gesê: „Behalwe misskien Rusland, weet ek van geen land waar soveel dooie afhanklikheid van Regering en Kerk bestaan as in Suidafrika nie."

(b) *Die opwekking van meer spaarsin.* Ons volk moet leer om stiptelik te leef volgens wat hulle besit, en nie volgens wat hulle hoop te kry nie. By vele moet ook die besitsinstink ontwikkel word; grondbesit en die euwel van vervreemding van grond moet gedurige aandag geniet.

(c) *Die opskerping van meer saamhorigheidsgevoel.* Hier kom te pas sake soos ko-operasie, onderlinge vertroue, die skuld van die sterkes om die swakhede van die onsterkes te dra, ens. Ons is so lief om met veragting en verwyt van die gesonkenes te praat, en sulke uitdrukkinge as die volgende te gebruik:

„Ek werk baie liewer met 'n kaffer as met sulke blankes,' of, „Dit is vandag 'n voorreg om arm te wees want dan kry jy alles verniet" ens.

So praat die Hemelse Vader nie met ons nie, maar Hy dra en verdra ons steeds in liefde. Ons moet besef dat ons volk reeds so klein is dat ons niemand kan mis nie; ons moet Christus nasê: „Dit is nie die wil van u Hemelse Vader dat een van hierdie kleintjies sal verlore gaan nie."

Ten slotte wil ek vra of dit nie tyd is dat deur een of ander liggaam in die kerk gereëlde

*Vakansiekursusse*

vir die opleiding van maatskaplike werkers op tou gesit sal word nie. Die hedendaagse lewe word hoe langer hoe meer ingewikkeld en daarom word maatskaplike werk ook moeiliker, meer tegnies, meer gespesialiseerd. Dit is nie maar elkeen met 'n liefdevolle hart, sonder meer, wat bevoeg is om dit te doen nie; hulle moet daartoe geleer en geoefen word.

## *BIDUUR.*

Ds. P. van der Merwe.

Maar gij zult ontvangen de Kracht des Heiligen Geestes die over u komen zal, en gij zult mijne getuigen zijn.—Hand. 1:8.

Hier het ons die laaste en groot belofte van die Here Jesus, wat op Pinkster kragtig vervul werd. Op daardie dag het Petrus vir sy gehoor gesê dat die belofte vir hulle en hulle kinders is en vir die wat ver is—dus ook vir ons. Met ons Pinkster bidure het ons met vele van Gods Kinders gebid om die volheid van Sy Gees en ons bid weer.

Aan die hand van ons teks wil ons drie vrae kortliks beantwoord en die is: Wat moet ons verwag as ons die volheid van Gods Gees ontvang; wat moet ons doen om die volheid te kry, en wat sal die Here dan van ons verwag?

### I.

Om op die eerste vraag, nl. wat sal die volheid vir ons beteken, te antwoord, moet ons let op die verskil wat dit gemaak het in die lewe van die apostels. Voor Pinkster was hulle onkundig en onvatbaar vir geestelike kennis; voor Pinkster was hulle lewe baie gebrekkig en sondig; voor Pinkster was hulle swak en lafhartig. Denk aan hulle gedrag die nag toe die Here Jesus gevang werd. Na Pinkster was dit alles net die teenoorgestelde. Wat 'n wonderlike begrip het hulle gekry van geestelike dinge. Hoe het hulle Christus en Sy koninkryk en die Skrifte verstaan. Dit is te wonderlik om in hierdie opsig die verandering te sien. Hoe is hulle lewe nie heilig geword nie. Watter oorwinning van die sonde en die eie ek was daar nie. Dit is nie 'n wonder dat hulle vyande moes verklaar dat hulle kon merk dat die disiepels met

die Here Jesus was. In hulle werd die beeld van Christus gesien. Hoe moedig was hulle nie. Petrus wat uit vrees sy Here verloën het, kon nou voor die vyande van Christus staan en hulle beskuldig van moordenaars van die Here te wees. En as hulle in die gevangenis kom en geslaan word, dank hulle die Here vir die les. En wat 'n krag was daar in hulle getuienis vir die Here. Op een preek van Petrus kom daar 3000 tot bekering. Dit mag ons verwag. *Geestelike kennis, heiligmaking, moed* en *krag*.

II.

Maar nou die weg waarlangs die volheid verkry word! Ons kry dit net soos die disiepels. En hoe het hulle dit gekry? Hulle het daarom gebid. Dit is nog die weg. „Indien dan gij die boos zijt weet uwen kinderen goede gaven te geven hoe veel te meer zal de Hemelse Vader den H. Geest *geven dengenen die Hem bidden.*" Maar hoe het hulle gebid? Wat was die bestaandele van hulle gebed? Daar was by hulle 'n ernstige verlange na die volheid. Hulle het *gedors*. Dit is 'n vereiste. Daar moet by ons een dors wees. Ons moet met die digter kan sing: Hijgend hert de jagt ontkomen ens. Daar was by hulle *volharding*. Hulle het tien dae gebid en hulle was klaar om nog aan te hou. Is ons fout nie dat ons te gou ophou nie? Gedurende die Pinkster-week bid ons, kom ons biduur toe, maar as die week verby is, hou ons op om te bid.

*Hou aan*. Luk. 11 en 18.

Daar was by hulle *opregtheid*. Gedurende daardie dae is hulle op meer as een sonde in hulle lewe gewys en hulle het dit afgelê. So moet daar by ons blanke opregtheid wees. Verberg niks voor God. Sê af die oumens met al sy werke.

Daar was by hulle *volkome* oorgawe aan God, om geheel sy eiendom te wees, om met hulle te maak net wat Hy wil. Ons moet nie net sing, Myn al is op het altaar nie, maar ons moet gehoor gee aan Rom. 12:1. Ons moet ons self as 'n *offer* op Gods altaar lê.

En eindelik was daar *vertroue* op God. Sulle het op Sy woord gereken. Hulle was seker God sal doen wat

beloof was. Ons wag nie op die koms van die Gees nie, want Hy is gekom. Wat ons moet doen is om *die H. Gees* ons deur die *geloof toe te eien*. Doen dit nou!

III.

En as ons die volheid ontvang het, moet ons vir die Here *getuig*. Dit is die groot doel waarmee die Here ons die volheid gee. Ons moet andere van ons Heer sodanig vertel dat hulle Hem as hulle saligmaker sal aanneem, ons moet getuig daarvan; ons is daar waar die Here ons wil hê. Doen u dit?

—oOo—

## *ONS JONGMENSE BEELDDRAERS VAN KRISTUS IN HULLE VERHOUDING TOT DIE NATUREL.*

## DIE GROOT PROBLEEM VAN DIE BINNELANDSE SENDING.

Deur Eerw. Senator C. J. v. R. Smit.

Hierdie onderwerp verdeel homself in drie.

1) Die jongmense beelddraers van Kristus in
2) Hulle verhouding tot die Naturel.
3) Die groot probleem van die Binnelandse Sending.

Ons lees in Rom. 8:29: „Verordineerd den Beelde Zijns Zoons gelijkvormig te zijn."

(a) Wat is daardie beeld van Kristus waaraan ons gelykvormig moet word? Om 'n antwoord hierop te kry, moet ons net die lewe van die Here Jesus, toe hy op aarde was, gadeslaan, veral in die Vier Evangelies. Daar vind ons: (i) Sy *voorbeeldige nederigheid*. Hy is gebore in 'n stal en nie in 'n paleis nie—en Hyself het so pragtig dit gesê: „Leer van Mij dat ek sagmoedig is en nederig van hart", en weer: „Die homself verneder die sal verhoog word", en „Voeg u by die nederiges."

Hierdie beeld of eienskap van Jesus, soek navolging.

(ii) Sy tedere *jammerhartigheid teenoor* armes, siekes, hongeriges, treurendes, bekommerdes. Hy het dikwels gesê: „Ek word met innerlike ontferming bewoë oor die skare." Kry ons nog ander mense, wat minder bevoorreg is as ons jammer? Kan ons ook trane stort daar waar trane oor die wange rol? Ons wêreld word al harder; daar is mense in ons dae wat nie meer kan jammer kry nie, selfs by die allertreurigste gevalle van die samelewing.

(iii) Sy *onvermoeide arbeidsaamheid.* As daar ooit een was wat 'n duidelike besef had van sy verantwoordelikheid en posiesie dan was dit die Here Jesus. „Ek moet werk die werk van Hom wat my gestuur het, so lang dit dag is, want die nag kom wanneer niemand kan werk nie." „Ek het volbring die werk wat U My gegee het" — van die Here Jesus is die gesangvers volkome waar: „Steeds arbeidsaam vol van zorgen, waart g' altijd besig van den morgen, tot aan den laten avondstond." Besef ons as jong mense dat ook ons 'n seker werk het, in verband met ons kerk en volk? Weet ons al wat daardie biesondere werk is? Doen ons dit? of loop ons leeg?

(iv) Sy *onbepaalde gehoorsaamheid* aan al Gods wil. Gods wil was Sy spyse, Sy rus, Sy hoogste ideaal, Sy lus—al was dit soms swaar, maar daar was geen huiwering nie, al moes Hy in Gethsemane of na Golgotha. Hoe is dit met ons gesteld? Weet ons al wat Gods bepaalde wil is vir ons lewe? Doen ons daardie wil met vreugde? of sug ons ook dikwels soos 'n sekere ou man: „Wat kan ek doen, ek moet maar tevrede wees." Asof hy nou nie anders kan, al wou hy. Dit behoort so te wees, dat al is Gods wil vir ons swaar, ons nie iets anders begeer nie, al kon ons dit kry. Hoeveel van ons jongmense vra nog: „Here wat wilt Gij dat ik doen zal?"

Wat is Gods wil met ons lewe, weet ons dit al?

(v) Sy *onwrikbare getrouheid* in die stryd teen— en oorwinning oor—alle sonde. Sonde was by Jesus sonde, al het dit nou al voorgekom in die Fariseër of skrifgeleerde of wie ook al, en Hy het nooit geskroom om dit by die naam te noem nie.



*Ds. Steenkamp en geselskap uit Namakwaland.*



*Ds. Malan en geselskap uit Swaziland.*

Die groot stryd van die volgeling of beelddraer van Jesus hier op aarde is—om die hele wapenrusting aän te doen, en te *staan* teen alles wat sonde en verkeerd is, maar ook „wederstaan." Dit wil sê—ons moenie net defensief, maar ook offensief optree. 'n Slag slaan, 'n verowering doen, nuwe posiesies inneem op die satan, en „alles verricht hebbende *staande blijven.*" Bly staan na ons die slagveld behou het. Wat my hart baie seer maak van baie van ons jongmense is, dat hulle so swak is om versoeking en sonde die hoof te bied en soos 'n *Daniel* en *Josef* kan uitroep: „Ek sal nie." Inwendige weerstandsvermoë openbaar. Jesus kon homself handhaaf en onbesoedel deur 'n vuile en boos wêreld gaan en onbevlek, sonder sonde, anderkant uit stap. Wie van ons kan?

(b) Hoe word ons aan *daardie Beeld gelykvormig?*

(i) deur verandering van gedagte, verandering van rigting, verandering van *hart* en lewe, verandering van doel: wat genoem word bekering en wedergeboorte.

(ii) Deur Hom na te volg in die voorafgaande deugde of eienskappe dag na dag te beoefen.

(iii) Deur gemeenskap met Hom en die mede-kristene rondom my.

(iv) Deur Bybel lees en gebed, elke dag.

2) Maar nou kom ons tot 'n twede punt in ons onderwerp, nl. dat ons in ons lewe, in hierdie land, samelewe en te doen het met 'n massa heidene. Die naturelle van ons land. As 'n mens 'n ander mens, wie hy ook is, tot 'n hulp en seën wil wees, dan is die eerste saak wat nodig is, dat hulle teenoormekaar in die regte verhouding kom te staan.

(a) Die Naturelle vraagstug is by uitnemendheid 'n verhoudings-vraagstuk, al die moeilikhede en verwarring en agitasies kom net op een punt neer. Wat behoort die *verhouding* te wees tussen *wit en swart* in hierdie land? *Nou sê sommige* dat daardie verhouding behoort te wees —een van *vyandskap, wantroue, haat en nyd* en uitdelging deur mag.

Enige mens met gesonde verstand sal dadelik sê, nee! dit kan nie, dit mag nie; want ons staan bekend as 'n kristelik volk, en dit sou nie kristelik wees nie, en dan nog sou dit nie gesonde politiek wees nie. Ons mag nie

die naturelle van hierdie land tot ons ewige vyande maak nie. Dit sou ons nageslag benadeel.

Andere weer sê, *gelykstelling.* Kom ons maak die naturelle ons gelykes in alles, op enig gebied, sodat ons uiteindelik eendag almal in hierdie land nog naturel nog witmens sal wees, maar 'n basterland,—'n geel-bruin geslag. Sekere weldenkende sal dadelik sê, nee! maar dis geen oplossing nie. Dit sal seer seker 'n verergering wees van die toestand. Nog andere sê: Deur die Evangelie—al die heidene sover ons kan kristene, en beelddraers van Jesus te maak. Kristianiseer hulle, maak van hulle ware en getroue disiepels van Jesus, en die fondament vir 'n suksesvolle oplossing is vir goed, en heg gelê. Daardeur maak ons van hulle ook ons vriende.

(b) Maar daardie regte verhouding kan geskep word uit ons daelikse *lewe* soos dit geopenbaar word teenoor die naturelle. Ons als die meerderes moet van ons kant toesien dat ons:

(i) Nooit 'n naturel wat ons beleefd groet, nie weer terug groet nie. Waarom sal ons dan minder beleefd wees as 'n naturel? Nee! ons moet hulle selfs leer en aanhelp om die blankes te groet. 'n Vriendelike groet beteken baie in die wêreld.

(ii) Nooit aan 'n naturel 'n *belofte* maak wat nie nagekom word nie. Daar is ongelukkig mense wat nie omgee om aan 'n naturel enige belofte te doen nie; en nog minder omgee om dit na te kom. Daar is 'n ernstige beskuldiging teen baie blankes wat dit doen. Maar ek wil hierby voeg dat daar ook talle van naturelle is, wat hulle beloftes aan blankes nooit nakom, maar ongelukkig, as ons sendelinge hulle daarop wys, het hulle gevalle waarop hulle ons wys, van blankes wat dit ook doen

(iii) Nooit 'n naturel *onregverdig* behandel nie. Daar is vreemdes wat ons volk beskuldig het en nog beskuldig dat ons die naturelle onregverdig behandel, en ons behoort almal toe te sien dat ons daardie beskuldiging nie voed nie. Betaal hom wat hom toekom. Behandel hom redelik, menslik en met respek, en jy dwing hom om jou te respekteer.

(iv) Maar meer, ons moet die *leisels* van sy *opvoeding*, ontwikkeling en godsdiens in hande neem, en nie aan vreemdes oorlaat nie. Ons Afrikaner volkie kry vandag baie swaar met die naturelle en één van die grootste redes is, omdat ons wat ons vir hom moes gedaan het, laat doen het deur mense wat nog hom nog ons verstaan het. Ons moet hulle *beskerm*, ons moet hulle *lei*, en dit bring my tot die laaste punt in ons onderwerp, nl.

3) *Die Binnelandse Sending.*

(a) Ons wil God dank uit grond van ons hart vir wat reeds gedaan word deur gemeentes, en enkele persone, veral die sendelinge. Ons moederkerk doen reeds veel in vergelyking met wat 30 jaar gelede gedaan was. Maar

(b) ons doen verreweg nie genoeg nie. Daar is groot *behoefte* en *gebrek* aan meer *arbeiders*, sendelinge. Daar lê 'n hele klomp sending gemeentes vakant sonder geordende Afrikaner-seuns, wat hulle God en land en volk en kerk ook in daardie lyn wil dien. Die werk van die sendelinge is behalwe die geestelike waarde daarvan, ook 'n *fondament* waarop, en die sleutel waardeur die groot huis gebou en oopgesluit moet word. Jonge vriende u dink aan die toekoms. Wat gaan u doen om die kwessie te help oplos? Gaan u u eie lewe gee op die altaar om een van die *edelste* dade te doen en een van die grootste vraagstukke te help oplos? Ons het nog minstens 25 Afrikaner-seuns as sendelinge nodig in O.V.S. Wie van u gaan u self aanbied?

——o-O-o——

## *DIE GROOT PROBLEME VAN DIE BUITELANDSE SENDING.*

Mnr. Berning Malan.

Ons het tot hiertoe veral die oog gerig gehou op ons eie omgewing, ons eie land en volk en in besonder op die jeug van ons Afrikaanse volk. Maar ons konferensie sou nie suksesvol en afgerond wees as ons nie ook 'n blik slaan op die ontsaglike groot wêreld daar buite ons nie. Plaas uself in die verbeelding voor 'n kaart van die hele wêreld en sit 'n vinger op Suidafrika. U kan dit maklik met die punt van u voorvinger heeltemal toemaak! Kyk dan na die res van die kaart en u sal 'n indruk kry van hoe klein en weggesteek ons is hier in die Suidhoek van Afrika. Juis omdat ons in 'n hoek van die wêreld is, bestaan vir ons die gevaar wat baie ander lande nie het nie, nl. die gevaar verbonde aan 'n geisoleerde bestaan. So dikwels kom persone, ja volkere, in die gemoedstoestand waarin hul niks en niemand anders op die gesigseinder sien as net hulleself nie. Daar is 'n skromelike gebrek aan 'n uitsig wat, hoewel gesond nasionaal, tog ook genoeg internasionaal is om 'n regte perspektief van sake en toestande te kry. Die ontsaglike vraagstuk van internasionale aanpassing, van internasionale toenadering in 'n breë en selfopofferende gees van gee en neem. Hierdie probleem is by uitstek 'n godsdienstige en nie 'n politieke nie. M.a.w. rasseverhoudings hoort tuis op die gebied van die sending en byname die Buitelandse Sending. As ons die geskiedenis van die wêreldvolkere lees kry ons die indruk dat alle lande en nasies hul ontstaan en voortbestaan te danke het aan politieke verdrae of vredesverdrae na verwoestende oorloë. Tog vind ons dat een verdrag meesal die inleiding is tot 'n oorlog of 'n verbreking van die gegewe erewoord. Dit is dus duidelik dat politieke ooreenkomste nie die doeltreffende middel is waardeur nasies onderling mekaar leer verstaan en waardeer nie. Nee, die gemeenskaplike terrein waarop volkere mekaar die hand gee is alleen die grondgebied waaroor daar een koning is, nl. die Here Jesus Christus.

Die groot wêreldoorlog het magte en kragte ontketen wat vroeër ongekend en sluimerend was. Pres. Wilson met sy ideale wêreldstaat het die grootste stoot gegee aan die regmatige nasionale gevoel wat feitlik alle nasies van die wêreld ernsig beetgepak het. „Self-determinasie" word die groot slagwoord van almal. Europa met sy paar middelstate is herskep in 'n gewemel van Republieke waarvan elkeen sy eie besondere nasionale aspirasies besit. Die Weste het met albei hande die vrugte van 'n demokratiese regeringstelsel ingeoes, en die enkele land wat dit nog nie ten volle besit nie, bewaar slegs 'n skyn van wat vroeër algemeen was. Rusland het na die uiterste gegaan en het al sy heil gestel op die swynedraf van 'n tot die dood toe sieklike maatskappy. Vryheid het gekom! Die jeug van die wêreld het opgestaan en wil die roer van sake in hande neem. Openlik erken hul in baie lande—Amerika en Duitsland veral—dat die „ou mense" so'n mislukking van sake gemaak het dat dit hoog tyd is dat daar 'n nuwe wêreldorde geskep sal word. En hulle is die uitgesoekte instrumente om die nuwe gang van sake te bewerk! Ek kan net verwys na die Jeug-beweging in Duitsland, die enorme Jeug-beweging in Indië, Sjiena, Japan en Amerika. Wat op hierdie konferensie tot sover gesê is is 'n onomstootlike bewys van die invloede wat daar werk onder die jeug van die wêreld vandag. Allerweë is daar 'n verbreking van gevestigde instellings, is daar uitbrekings na buite. Waarom? Die beste antwoord wat hierop gegee kan word is seker dit: die kristendom oor die hele wêreld is teveel gesentraliseer en het dus sy krag verloor om doeltreffend op te tree. M.a.w. waar is die beelddraers van Christus? Slaan ons die Christelike wêreld gade dan sien ons daar die gees van kompromie met die wêreld hoogty vier. Ons sien daar die hartverskeurende skouspel van onderlinge vervolging, van die verskeuring van die liggaam van Christus. Vriende, die probleem van die Buitelandse Sending is die probleem van die kristendom. Ons word geroep om dig Evangelie na andere te bring en by ons tuis het dieselfde Evangelie sy krag verloor omdat ons die Meester verloën.

Maar wat waar is van die Weste is net so waar van die ander nasies. Agtien maande gelede was dit ons voor-

reg om Indië te besoek in verband met die vergaderings van die Wêreld Kristen Studente Federasie. Daar was verteenwoordigers van ooste en weste: Engelsman, Duitser, Afrikaner, Amerikaner, Indiër, Sjienees, Japanees en Neger het saam vergader. Daar kon 'n mens sien wat daar woel in die binneste van die volkere, veral van die oosterse lande. Ek wil die geval neem van Indië. Ons het die laaste tyd baie van hierdie land gehoor en met belangstelling gevolg wat daar aan die gang is. En wat ek van Indië sê kan met die nodige wysiginge op elke land van toepassing gemaak word. Ons eie Afrika met sy meer as 100 miljoen swartes het ontwaak en by hulle word gehoor van nasionale bewussyn en ideale. Hulle wil 'n eie lewe en kultuur ontwikkel en *eis* van die witman die *reg* om op hul eie manier voort te gaan. Maar dit is nie al nie. Daar bestaan die dreigende gevaar dat hul die witman met sy beskawing en al sal verdring. Politiek—dis die allerlaaste middel waardeur heil vir albei kante kan en sal aangebring word. Daar lê net een oplossing: Sivilisasie moet hand aan hand gaan met kristianisasie, ja, dit moet rus op laasgenoemde. Indië is vol van eersgenoemde en dit is dikwels daar die grootste vyand van laasgenoemde.

Maar, eers wanneer ons 'n visioen kry van die Koninkryk van die Hemele soos deur die Meester gestig, dan eers begin ons iets begryp van wat die wêreld behoort te wees. Dan eers kry ons 'n idee van ons pligte teenoor ander nasies. En, ons moet die les van nederigheid en ootmoed leer. Ons moet leer om alles en almal te sien van die standpunt van die ewigheid.

——oOo——

Die vrou se mag lê in haar geheimsinnigheid.

Moenie 'n pot wil wees as jy 'n koppie moet wees nie.

## *DIE TOESTAND IN INDIË UIT KRISTELIK-GODSDIENSTIGE OOGPUNT GESIEN.*

Dit is nie 'n al te moeilike taak om een of ander aspek van 'n sekere toestand te skets of te omlyn nie. Die veld is dan nie so groot en uitgestrek nie. Dog wanneer mens 'n omvattende en regverdige oorsig moet gee van 'n toestand in sy geheel in een of ander land, dan word die taak uiters veeleisend en soms onmoontlik. Dit is veral die geval as ons met 'n land en volk soos die van Indië te doen het. Hier immers word sake des te ingewikkelder as ons onthou dat Indië in geen opsig hoegenaamd enige ooreenstemming vertoon met ons eie land nie. Om punte van kontak te soek is 'n vry hopelose onderneming. Die Westerling met sy al te praktiese uitkyk op die lewe, met sy al te dikwels voorkomende selfgenoegsaamheid en gewaande meerderheidsgevoel vind homself hier voor 'n taak wat alleen dan binne die perke van sy omvattendheid kom, as hy hom eers ontledig van alle ingebore vooroordeel en oppervlakkige hoogmoed. Dit is werklik hier 'n geval van *kind* word met die verstand en geestesvermoëns van 'n volwassene. Dit is immers hier te doen om die waarheid, en wat sê Mahatma Gandhi van die soeker na Waarheid? Dit: "The seeker after Truth should be humbler than the dust. The world crushes the dust under its feet, but the seeker after Truth should so humble himself that even the dust could crush him. Only then, and not till then, will he have a glimpse of Truth." Hy gebruik hierdie woorde in 'n ietwat verskillende verband, maar vir ons doel is hulle ook van die grootste betekenis. Om die bonte mengeling van fiesiese en geestelike indrukke op ons gemaak so te rangskik dat die vernaamste die eerste plek kan inneem, is waarlik nie so maklik nie. Tog wil ek na die beste van my vermoë u een en ander meedeel van my gevolgtrekkings insake die uitbreiding van Gods Koninkryk in hierdie aloue land van die Ooste.

Vooraf egter 'n paar noodsaaklike besonderhede om u 'n idee te gee van die grootte van ons onderwerp. Indië is driemaal so groot as die Unie van Suidafrika en verskil ook in bykans alle opsigte daarvan. Die uiterstes

van koue en hitte, van nat en droog, van rykdom en armoede, van geleerd en ongeleerd, van skoon en vuil, van godsdienstigheid en ongodsdienstigheid ontmoet mekaar in hierdie bekoorlike land. In die Suide bly dit die hele jaar deur uiters warm, terwyl die Noorde gedurende die Winter bitter koud kan word. Die reënval is ook baie ongelyk en uiters onseker. Dit loop van 4 duim per jaar in die Noordweste tot oor die 100 duim per jaar langs die Suidwestelike kus. Die plek waar dit die meeste reent elke jaar is Cherrapunji in Assam waar die gemiddelde jaarlikse reënval 458 duim bedra! Hierdie plek het ook die rekord van 75 voet reent in een jaar! Dink aan die invloed van so 'n ongelyke klimaatsgesteldheid op die bevolking. Daarom is dit ook dat oor 'n oppervlakte wat soveel kontraste vertoon daar 'n volk woon wat eweveel teenstellinge laat sien. Daar is byna 330 miljoen inwoners, verdeel onder die byna 750,000 dorpies van Indië. Plase in ons sin van die woord is onbekende dinge: die sg. plasies lê rondom die dorpies wat in baie gevalle maar klein in omvang is. En die grootste probleme hier is die volgende: onkunde, bygeloof, armoede, die kastestelsel, en siektes. As ons onthou dat slegs 7 persent van die bevolking kan lees en skrywe en dat daar 300 kaste is dan voel ons meteens teen watter ontsaglike muur ons vasloop. Hierdie onkundige en ongeleerde miljoene sit dan ook vasgeknel in die boeie van die bygeloof. Indië het meer as 3 miljoen gode en godinne in sy panteon en dit is vir die vreemdeling met sy idee van slegs een ware God 'n verbysterende gedagte. Hindoeïsme veral wemel van gode: meerdere of mindere gode wat almal hul aanhangers het. Daar is die reeks van oppergode wat deur almal aanbid en vereer word; dan is daar die gode wat moet waak oor die belange van die verskillende huisgesinne! As ons egter 'n opsomming moet maak van die vernaamste godsdienste in Indië dan kan die volgende dien: Hindoeïsme tel 217 miljoen, Mohammedanisme tel 69 miljoen, Boedisme tel 12 miljoen, Kristendom tel 5 miljoen, Sikhs tel 4 miljoen, Jainisme tel 2 miljoen, Parsisme tel 200 duisend en Jode tel 22 duisend aanhangers. U sien dus ag groot godsdienste en ses daarvan tel hul aanhangers by die miljoene. En feitlik is elke godsdiens geskei van die ander deur onoor-

brugbare klowe en onmeetlike afgronde. Gedurig is daar dan ook stryd tussen die Moslem en die Hindoe, alhoewel Gandhi baie gedoen het om hul te verenig vir politieke, nasionale doeleindes. Dog juis hierdie strewe van Indië vorm een van die grootste struikelblokke vir die behoorlike Sendingwerk daar. Dit is veral die geval onder die geleerde en studerende klasse. Indië ywer al vir 'n paar jaar na politieke onafhanklikheid. Met die ontwaking op nasionale gebied het daar noodwendig 'n renaissance ook op geestelike gebied gekom. Die geroep het opgegaan: „Terug na die oeroue godsdiens van Indië! Weg met die Westerse produk!" Hindoeïsme herleef,—dus ook afgodery—en dit is ongelukkig nie die gevolg van godsdienstige oortuigings nie, maar alleen as die simbool van opregte vaderlandsliefde. M.a.w. die Indiër het dit onmoontlik gevind om sy politiek en sy godsdiens geskeie te hou van mekaar. Dit is ook begryplik as ons daaraan dink dat godsdiens die fondament van die hele Indiese lewe in al sy skakeringe is. 'n Indiese skrywer druk dit so uit: "The heritage of India is essentially and predominantly religious. The pursuit of the infinite, the search of the unknown has been the main preoccupation of India all through the ages. Religion is the frame-work and warp of Indian life." Die sentrum van belangstelling het egter so stadig oorgegaan van godsdiens op politiek, en beklee die godsdiens dus nie meer daardie sentrale plek wat dit vroeër gehad het in die lewe van opgevoede Indiërs nie. Dit is ook die geval met die Moslem en selfs die Indiese Kristen praat al te dikwels van die „witman se godsdiens." Dit wys op 'n ernstige agteruitgang en 'n haas onoorkomelike moeilikheid in die weg van die voortplanting van die Kristendom. Dit is seker nie nodig om te wys op die ingrypende gevolge van so 'n soms antagonistiese houding nie.

'n Twede probleem, baie nou verwant hieraan, is die aanname van die geloofsbelydenis van die Sekularisme en die Materialisme.

Die ongeloof het met rasse skrede sy intog gemaak en duisende staan vandag los van die godsdiens af wat vroeër daarin bevrediging gevind het. Hul eie stelsels bevredig nie die diepste behoeftes van die hart nie; maar ook belet hul nasionale gevoel hulle om die witman

se godsdiens aan te neem. Soos 'n leier van die Swarajiste in Benares openlik gesê het: „Indië wil Christus nie hê nie, maar alleen die kristelike gees van regverdigheid en diensbaarheid." Asof die twee geskei kan word! Daar is onder hierdie klas Indiër baie wat 'n geweldige afkeer van alle godsdiens vertoon. Een van hulle skrywe onlangs: "It is we Indians that require more and more materialism. We have had too much of religion; that accounts for our position today as a bankrupt nation." Dit is of ons onder heirdie smartelike woorde die weemoed van die Indiese siel kan hoor wat 'n weeklage aanhef by die aanskou van sy geestelike bankrotskap. As hulle tog maar na die liefderike hart van Hom wil kom wat gesê het: „Kom almal na my toe wat vermoei en belas is, en ek sal u rus gee." Daar is een groep onder die politieke leiers wat dit as hul definitiewe doel gestel het Indië moet losgemaak word van die "grip of religion." Wys dit ons nie baie sterk in die rigting van Rusland waar Bolsjewisme selfs 'n anti-God kampanje in die lewe geroep het nie? Hierdie gedagtes van anti-Westerse opvatting en dus ook van anti-Kristelike gesindheid werk stadig maar seker deur na die massas van Indië. Immers, die toekoms van Indië lê in die hand van die studente en wat is die heersende menings en gedagtestromings onder hulle? Ek glo nie ek kan beter doen as om een van hulle self hier te laat praat nie. Mnr. R. F. Maccune, wat ek daar ontmoet het en met wie ek meer as een gesprek gevoer het. Hy skryf o.a. dit: "The young Indian, as he is awakened to a sense of his racial and cultural pride, discovers that he is growing under, or rather that his growth is being stunted by, a system of direction and control. There is latent heroism in the Indian student; but there is not a big enough leader with a big enough programme to draw it out. The young Indian wants to save *India, not Indian souls minus* India. Deep spiritual experience, intimate fellowship with God, the assurance that God has a purpose for the world, for the individual—all that we call deep religion is not the possession of the average Indian student of to-day. The number of those who regard organised religion, even religion in any form, as a danger to humanity, and especially to the progress of India, is increasing. The In-

dian student does not follow Christ. He has yet to meet Him and to know Him." Tot sover wat hulle self sê. Wat wys dit ons en wat is die grootste taak van die Sending in Indië? Dit help nie om met 'n Christus na Indië te kom wat in 'n Westerse drag gekleed is en wat beskaaf is volgens Europese opvattinge nie. Watter soort sendeling, m.a.w. wil Indië hê? Hierop gee Prof. Abraham van Calcutta die antwoord waar hy o.m. die volgende sê: "We in India will always be glad to welcome real Missionaries from the West who will come to us in the spirit of our Master—namely to serve and not to be served. If a Missionary is not prepared to consider India as his home, he has no business to be here. The only future justification of the presence of missionaries in India is tnat they will be here as men and women who will identify themselves with us in everything Indian. This will mean no more overriding of Indian sentiments and aspirations. We want Christianity *practiced* in our midst, and not preached or publicly demonstrated. We want men and women who will merge their lives with the life of the people, and let their influence work in such a way that it will bring into India a people who shall be worthy citizens of the Kingdom of God."…. Hulle wil die Sending behou, want dit het alreeds vir Indië die volgende gegee, deur die hulp en genade van die Meester: 89 Landbou Nedersettings; 51 Kolleges; 247 Hoërskole; 170 Industriële Skole; 475 Middelbare Skole; 76 Onderwysers Opleidings Institute; 205 Vrye Apteke; 213 Hospitale; 60 Melaatse-inrigtings; 8 Tering Sanatoria; 11 Huise vir Blindes, en 6 Tehuise vir Vrouens. Dit alles wys op praktiese en doeltreffende wyse dat die godsdiens van Jesus Christus 'n mens, 'n volk, verhef en veredel. Dit steel die hart van die Indiër en laat hom simpatiek voel teenoor die Kristendom. Daar is baie faktore wat die Kristelike Sending bemoedig, maar laat ons gebede opgaan vir die Sendelinge wat 'n onbegryplike moeilike werk het om te vervul. Indië het sy kristelike heiliges,—dink aan Sadhu Sundar Singh, Pandita Ramabai, Vaman Tilak, Mimosa van Tinavelli en so veel ander meer—wat voorloop en die weg aanwys aan die hongeriges en dorstiges wat die geestelike geboortepyne van 'n nuwe ontwaking ondergaan. Ons

sluit met die bemoedigende woorde van Dr. Macnicol: "Many of those who cling to the old faiths of the land are saying even now in their hearts, as they look back to the dead glories of the past: 'The bright day is done, and we are toward the dark. But of the Church of Christ in India, as we watch the points of light shining out of the dimness, we can say with confident hearts that it faces towards the East and the Sunrising.'

—o-O-o—

## *DIE PERSOONLIKE VERHOUDING TOT CHRISTUS.*

Ds. J. S. Murray.

Joh. 15:4: *„Gij zijt Mijne vrienden."*

Hier lê die fontein, die wortel, die fondament van die posiesie. Hierin lê die ideaal, die krag, en die inspirasie van die beelddraers van onse Heiland.

Onse Here Jesus Christus is die oplossing van die hele vraagstuk. Hy is heerlik, groot, wonderlik. „In Hem woonde al de volheid der godheid lichamelik,' van ewigheid af, gedurende Sy omwandeling op aarde, en nou in heerlikheid (Kolos. 1:13—19, 2:9, Hebr. 1: 2,3). En die groot, wonderlike Heiland het my dwarsdeur al my sonde liefgehad, het neergebuig om my te red, uit my sonde te haal, en te vorm vir die ewigheid.

„Ere zij Jezus, wonderlik Jezus."

Tussen Hem en ons moet daar 'n nou betrekking wees om ons Sy beelddraers te maak. 'n Leraar vertel dat hy probeer het om 'n elektriese battery wat gebruik was om 'n huisklokkie te lui, in te rig om lig te gee. Toe dit misluk het, vertel 'n ingeneur hom dat dit veel meer krag neem om lig te gee dan om 'n klokkie te lui. Dit vereis meer hemelse krag om vir Hem te skyn en Sy beeld te dra, dan om maar te praat.

Ons verhouding tot Hem moet wees die van:

1) *Vertroue op Hem as Volmaakte Verlosser.*

Toe 'n Heilsleër meisie aan 'n seker Biskop vra of hy gered is, antwoord hy: „Bedoel u: *Ek is gered,* of *ek*

*word gered,* of *ek sal gered wees?"* By die noem van die drie Griekse woorde hiervoor, was die arme meisie verslae. Maar die vriendelike Biskop maak haar die onderskeid duidelik. *Ek is gered* beteken verlos van die skuld, en straf van gedane sonde; *ek word gered* beteken verlos van die vuilheid en mag van die sonde elke dag; *ek sal gered wees* beteken gered van die teenwoordigheid van sonde (eenmaal in die hemel.) Dit is volkome verlossing.

Nou kom die vraag: Kan elkeen hier al sê, Jesus het my gered van die skuld en straf van sonde, en ek weet dit seker dat ek 'n kind van God is?

Toe ek 'n jong man in die Hospitaal vra of 'n mens oor sy saligheid kan seker wees, sê hy, hy weet nie. Ons lees toe Joh. 1:12 en Joh. 5:24 saam. Hierdie laaste vers lees hy vir die twede maal baie aandagtig oor, lê die Bybel op sy skoot neer en sê: „Dan het ek mos die ewige lewe." „Wat laat jou so dink?" vra ek. „Wel," antwoord hy, „ek het die Heer lankal aangeneem en gevolg, en nou volgens die verse het ek mos die Ewige Lewe," en sy gesig blink van vreugde.

En 1 Joh. 1:9 gee ons ook die sekerheid van vergewing van sonde. Toe 'n jong dame nie tot sekerheid kon kom dat die Heer haar sonde vergewe het, vra ons aan 'n seun wat daarby was: „Johnnie, het die Heer al jou sonde vergewe?" „Ja, meneer." ,Is jy seker?' ,Ja, meneer.' ,En hoe weet jy dit?' ,Meneer, Hy het mos so gesê.' ,Wat het Hy gesê?' ,Meneer, Hy het gesé dat as ek my sonde bely Hy dit dan vergewe; en ek *het* bely, nou *het* Hy mos vir my vergewe. Hy het so gesê.' Die jonge dame kyk uit haar betraande oë op en sê: „Nou sien ek dit. *Hy* het so gesê, en daarom *is* dit so."

Nou kom die twede vraag: Kan elkeen sê, Jesus bewaar my daeliks, en hou my rein, en gee my gedurig oorwinning? „Gode zij dank die ons allen tijd doet triomferen in Christus" (2 Kor. 2:14). Het u oorwinning oor versoeking? Oor slegte gedagtes? Oor die aantrekking van die wêreld? Oor verkeerde gewoontes? Vertrou u Hem vir oorwinning elke dag? Wat 'n aanmoediging bevat 1 Kor. 10:13: „Ulieden heeft geene verzoeking bevangen dan menschelike; doch God is getrouw die u niet zal laten verzocht worden boven hetgeen gij vermoogt;

maar Hij zal met de verzoeking ook de uitkomst geven, opdat gij ze kunt verdragen." En ook Judas 24.

Om te probeer die Here Jesus na te volg as 'n ideaal sonder op Hem as Saligmaker te reken, en Hem in die hart as Oorwinnaar te laat woon, is net 'n treurige mislukking.

As ons Sy beeld wil vertoon sal ons verhouding tot Hem moet wees, eers, 'n verhouding van *absolute vertroue* in Hem as persoonlike volmaakte Verlosser.

Maar meer nog, dit sal moet wees 'n verhouding van

*Gehoorsaamheid aan Hem as Heer en Meester.*

„Hij moet als Koning heerschen"—oor elke lewe. „Het heerschappij sal op Zijne schouder wezen."

Hoeveel halfhartige, of koue, of swak, of afgedwaalde christene is daar vandag weens een of ander ongehoorsaamheid! Hulle is nie lojaal aan hulle Koning nie

Miskien het Hy hulle gesê om iets te laat staan, maar hulle wou nie; hulle het ekskuus gemaak, of dit reg gepraat. Miskien het Hy hulle gesê om iets aan Hem te gee, maar hulle dag dit was te veel geëis, en wis ook nie wat Hy daarmee sou doen. Miskien het Hy hulle gesê om iets vir Hem te doen of êrens vir Hem te gaan, maar hulle het uitgestel of vergeet. Hulle was ongehoorsaam. En toe kom daar onvrymoedigheid, of vrees, of afkoeling, of donkerheid in die lewe. So veel van die mislukkings in die geestelike lewe begin by ongehoorsaamheid aan onse Heer en Meester.

Daar is gevaar dat mense onse Here Jesus aanneem as Saligmaker om hulle te red, maar nie as Heer, en Meester om Hom te gehoorsaam nie. Sake sal nooit in ons lewe reg kom nie totdat hierdie ongehoorsaamheid bely en vir altyd laat staan is.

As ons beelddraers wil wees, dan moet daar wees *algeheel weggee* aan die Heer, van alle seggingskap oor onsself, ons besittings, ons planne, ons wil, ons liggaam, ons gawes—alles. En daarop moet volg gedurige, dadelike, heelhartige, volmaakte gehoorsaamheid aan die Here Jesus. „Naar uw woord, mijn heer de Koning; ik ben de uwe en al wat ik heb" (1 Kon. 20:4).

Nog iets. Daar moet wees die verhouding van:

*Getrouheid aan Hem as die Beste Vriend.*

Christus is onse grote Vriend, onse Beste Vriend, want Hij is almagtig, Hy is altyd gereed om te help, Hy is altyd naby, en Sy liefde is onveranderlik. "The best friend we have is Jesus."

Abraham was 'n vriend van God genoem, omdat hy sy Vriend so absoluut vertrou het, en Hem in alles gehoorsaam het. Met Moses het die Heer as met 'n vriend gepraat, om dieselfde redes. En as ons beelddraers wil wees, moet ons aan die Heiland as ons beste Vriend verbind wees, en getrou wees. Laat ons nou sien wat die verhouding van vriende tot mekaar is.

Vriende vertel mekaar alles—hulle geheime, hulle vreugde, hulle moeilikhede, hulle vrees, hulle foute—alles.

Vriende vermy alles wat mekaar kan hinder, woorde, uitdrukkings, dade, gewoontes, plekke, geselskap.

Vriende dink aan wat hulle vir mekaar kan doen, en offer gewilliglik op om mekaar plesier of voordeel aan te doen.

Vriende vertrou mekaar heeltemal, al kan die een nie altyd alles verstaan wat die ander een doen nie.

Vriende lees mekaar se briewe, nie kritiserend of foutsoekend, of twyfelend, maar met respek en belangstelling, en vol vertroue. Onthou die Bybel is die Brief wat die Heer aan Sy vriende laat skrywe het. Ondersoek dit eerbiedig, geloof dit, gehoorsaam dit.

Vriende soek mekaar se geselskap op, al is dit net vir 'n oomblik. Soek die Heer se geselskap op in gebed, in stille omgang, enige tyd. Toe 'n seuntjie by sy vader se kantoortjie kom klop het, en die vader hom vra wat hy wou hê, antwoord hy ewe verleë, "Nothing, Daddy; I only want to be near you."

Vriende staan vir mekaar se eer op, veral waar dit in gevaar is. Vriende spreek van mekaar goed.

Vriende het mekaar innig lief, en daarom word ander vriendskappe minder, of val heeltemal weg.

Vriende begin later na mekaar te lyk in karakter. „En wij allen, met ongedekten aangezichte de heerlik-

heid des Heeren als in een spiegel aanschouwende, worden naar hetzelfde beeld in gedaante veranderd van heerlikheid tot heerlikheid, als van des Heeren Geest." (2 Kor. 3:18).

Die verhouding word pragtig voorgestel in Lied 253 van die Halleluja bundel, „In 't Verborgen van Zijn aanschijn."

Om 'n beelddraer van Jesus te wees moet en kan en sal die verhouding wees:

Vertroue op die groot Verlosser,
Gehoorsaamheid aan die groot Koning,
Getrouheid aan die groot Vriend.
„Gij zijt Mijn vrienden."

„En verlaat gij dan de stilte
Waar uw ziel Hem heeft ontmoet,
Laat uws Meesters beeld dan blijken
Uit hetgeen gij spreekt en doet."

Wil u 'n beelddraer wees?
Sal u nie gewillig wees om die prys te betaal nie?

—oOo—